



2018/19

JAARVERSLAG



Western Cape
Government

BETTER TOGETHER.

Casidra is 'n Implementering Maatskappy vir die Wes-Kaap Departement van Landbou



Casidra

**“Ons Lewer Projekbestuur
Uitnemendheid”**

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING	BLADSY
OPENBARE ENTITEIT SE ALGEMENE INLIGTING	4
LYS VAN AFKORTINGS / AKRONIEME	5
VERKLARING DEUR DIE UITVOERENDE OWERHEID	6
VOORWOORD DEUR DIE VOORSITTER	7
OORSIG VAN HOOF UITVOERENDE BEAMPTE	8-9
VERANTWOORDELIKHEIDS VERKLARING EN BEVESTIGING VAN KORREKTHEID VAN DIE JAARVERSLAG	9
STRATEGIESE OORSIG	10
WETGEWENDE- EN ANDER MANDATE	10
ORGANISATORIESE STRUKTUUR	11
DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING	
OUDITEURSVERSLAG: VOORAFBEPAALE DOELWITTE	12
Situasie-Analise	12
Diensleweringomgewing	12-14
Organisatoriese Omgewing	14-15
Resterende Begroting onder Bestuur vir 2017/18	15
Kern Beleidsontwikkelings- en Wetgewende Veranderings	15
Strategiese Uitkomsgerigte Doelwitte	16-18
PRESTASIE-INLIGTING VOLGENS PROGRAM	19-37
Program 1: Korporatiewe Dienste	19-22
Program 2: Landbou en Grondhervorming	23-28
Program 3: Landelike Ontwikkeling en Armoedeverligting	29-34
Program 4: Plaaslike Ekonomiese en Sake-ontwikkeling	34-37
INVORDERING VAN INKOMSTE	37
KAPITAALBELEGGING	37
DEEL C: KORPORATIEWE BEHEER	
SKOOR-RESOLUSIEVERSLAG 2017	38
KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG	38-44
VERSLAG VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE	45-46
DEEL D: MENSLIKE HULPBRONNE	
INLEIDING	47
BESTUUR VAN MENSLIKE HULPBRONNE – OORSIG STATISTIEK	48-50
DEEL E: FINANSIËLE INLIGTING	
VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR	51-53
VERANTWOORDELIKHEIDS VERKLARING	53
DIREKTEURSVERSLAG	54
FINANSIËLE JAARSTATE	55-57
AANTEKENINGE TOT DIE FINANSIËLE STATE	58-68
Bylae A	69-72

GEREGISTREERDE NAAM:	Casidra MSB Beperk
REGISTRASIENOMMER:	1973/006186/30
FISIESE ADRES:	Louwslaan 22 Suider-Paarl 7624
POSADRES:	Posbus 660 Suider-Paarl 7646
TELEFOONNOMMER/S:	021 863 5000
FAKSNOMMER:	021 863 1055
E-POSADRES:	info@casidra.co.za
WEBTUISTE:	www.casidra.co.za
LOUDITEURE:	Ouditeur-Generaal van Suid-Afrika 17 Park Lane Building Park Lane Century City Kaapstad, 7445
BANKIER:	ABSA Bank Bpk Retail and business banking Century City Kaapstad, 7441
MAATSKAPPYSEKTRETARIS:	FJ van Zyl

BGCMA	Breede-Gouritz Catchment Management Agency
BSEB	Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging
CASIDRA	Cape Agency for Sustainable Integrated Development in Rural Areas
DEOT	Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme
DPBD	Departementele Projekte vir Billike Deel
DPTK	Departementele Projek Toekenning Komitee
DLOG	Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming
DOS	Departement van Omgewingsake
DWS	Departement van Water en Sanitasie
EDMS	Eiendoms
ETB	Eenheid vir Tegniese Bystand
ETO	Eenheid vir Tegniese Ondersteuning
GLHP	Grond en Landelike Hervormingsprogram
HTK	Haarlem Transformasiekomitee
HUB	Hoof Uitvoerende Beampte
KPTK	Kommoditeit Projektoekenningskomitee
KMMO	Klein-, Medium- en Mikro-ondernemings
KTKP	Komitee vir die Toewysing van Kommoditeit projekte
LREAD	Land Reform Advisory Desk
MH	Menslike Hulpbronne
MvO	Memorandum van Ooreenkoms
MTBR	Mediumtermyn-bestedingsraamwerk
MSB	Maatskappy in Staatsbesit
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
OLOP	Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PEO	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
RBPP	Raamwerk vir die Bestuur van Programprestasie-inligting
RVB	Raad van Belanghebbendes
UOWP	Uitgebreide Openbare Werkeprogram
WBVV	Wet op die Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging
WOO	Wet op Openbare Oudit
WOFB	Wet op Openbare Finansiële Bestuur
WKDL	Wes-Kaapse Departement van Landbou
DOOP	Departement van Omgewingsake en Ontwikkelings Beplanning



Vennootskappe vorm die kern van wat ons as die Departement van Landbou doen, en die verhoudings wat ons tussen onself, **Casidra**, die privaatsektor en ons boere gebou het, het ons prestasies in hierdie sektor gedryf.

In hierdie afgelope finansiële boekjaar, het ons die uitslag van 'n onafhanklike studie vrygestel wat 'n 72% suksessyfer onder kleinboere getoon het wat ons in die provinsie ondersteun. Hierdie verbetering vanaf 62% in die vorige studie was moontlik gemaak deur die ondersteuning, opleiding en marktoegangsinisiatiewe deur die Departement voorsien, deur ons Kommoditeitsbenadering, wat deur die privaatsektor ondersteun word en met bystand van **Casidra** toegepas word.

Danksy **Casidra**, ontvang boere opleiding in finansiële rekordhouding en toegang tot markte, wat noodsaaklik is vir hulle sukses.

Die landbousektor het in hierdie jaar baie uitdagings getrotseer, maar deur saam met ons vennote te werk, kon ons dit die hoof bied.

Die droogte was in die finansiële boekjaar steeds 'n hoofbron van kommer in areas van die provinsie, en **Casidra** se bystand in die toekenning van droogtehelp was waardevol, wat baie boere gehelp het om hierdie moeilike tye te oorleef.

Casidra het ook 'n integrale rol gespeel in voedselsekerheid in die provinsie, met die vestiging van 867 huishoudelike voedseltuine en 64 gemeenskapsvoedseltuine. Hierdie voedseltuine bied 'n veelsydige en gesonde dieet vir baie van ons inwoners.

In hierdie finansiële boekjaar het **Casidra** nuwe leierskap aangestel, met 'n nuwe HUB en nuwe Voorsitter van die Raad wat by die organisasie aangesluit het. Ek glo dat hulle 'n vars, nuwe perspektief sal aanbied wat **Casidra** sal versterk en die ontwikkeling van landbou in hierdie provinsie met energie en toewyding sal dryf.

Ek wil graag die leierskap en personeel van **Casidra** bedank vir hulle toewyding oor hierdie tydperk en dat hulle die Departement behulpsaam was in die bereiking van ons doelwitte, om landbou uit te brei, om werk te skep en om die landelike en landbou-ekonomieë van hierdie provinsie te bevoordeel.

A handwritten signature in black ink, appearing to read 'Ivan Meyer', written over a horizontal line.

Dr. Ivan Meyer
Minister van Landbou
19 Augustus 2019



Inleiding

Gedurende die 2018/2019 finansiële boekjaar, het **Casidra** voortgegaan om namens die institusionele befondser en Venoot, die Wes-Kaapse Departement van Landbou, projekimplementering te fasiliteer in die stryd teen armoede en ongelukheid in baie van die Wes-Kaapse landelike gebiede. Ons hooffokus bly steeds om die leidende venoot en katalisator in die ontwikkeling van landelike gebiede te wees, deur middel van landbou en ekonomiese ontwikkelingsprogramme asook volhoubare grondhervorming.

Oorsig oor die openbare entiteit se strategie en die prestasie van die openbare entiteit in sy onderskeie sektor

Hierdie finansiële boekjaar het baie veranderinge in ons organisatoriese struktuur teweeggebring, beide ekstern en intern. Eerstens was daar veranderinge in die Ministeriële portefeuljes, aangesien die Uitvoerende Owerheid van **Casidra**, mnr Alan Winde, na 'n nuwe portefeulje van Gemeenskapsveiligheid geskuif het, en me Beverley Schäfer, tot die Nasionale verkiesings in Mei 2019, ons nuwe Minister van Ekonomiese Geleenthede geword het waarna dr Ivan Meyer as nuwe Minister van Landbou oorgeneem het.

Op ons makro-organisatoriese vlak, het ons van ons vorige voorsitter, dr Leonie Coetzee, afskeid geneem. Dr Coetzee het in 2013 by die Raad aangesluit en ons bedank haar vir die waardevolle bydraes wat sy oor die afgelope vyf jaar gemaak het. Dit was ook 'n groot vreugde om twee nuwe Nie-Uitvoerende Direkteure tot ons Raad te verwelkom, naamlik menere Werner Abrahams en Marius Wüst. Ons is verheug om hulle as Raadslede te hê en ons sien uit na hulle waardevolle bydraes.

Ons voormalige Hoof- Uitvoerende Beampte, Michael Brinkhuis, het in November 2018 sy bedanking voorgelê en sy pos aan die einde van Desember 2018 verlaat om sy loopbaan verder te volg. Die Raad het hom alles van die beste toegewens en die proses bespoedig om 'n nuwe HUB in diens te neem, wat voor die einde van die 2018-19 finansiële boekjaar plaasgevind het. Aan die begin van Maart 2019, het ons met vreugde aangekondig en Ashley Seymour verwelkom om as ons nuwe HUB die leiers oor te neem. Mnr Seymour is hoogs ervare in beide die privaat- en openbare sektore. Die Raad, Bestuur en Personeel het hom hartlik welkom geheet en sien daarna uit dat hy **Casidra** lei.

Dienslewering by **Casidra** bly van kardinale belang. Beide ons Uitvoerende Owerheid en belanghebbendes, insluitend die projekte se begunstigdes in die Wes-Kaap, hou ons verantwoordelik. Die 2018/19 Aandeelhouersooreenkoms was, volgens die Kabinetmandaat van 2007, tussen die Direksie en Uitvoerende Owerheid onderteken. **Casidra** se Direksie het voortgegaan om die Bestuur te ondersteun en aan te moedig om **Casidra** se positiewe impak in landelike gemeenskappe te openbaar.

Gedurende hierdie finansiële boekjaar, het **Casidra** steeds 'n sleutelrol gespeel in die implementering van Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram (CASP)-befondsde projekte, wat 'n aansienlike aantal nuwe boere in die Wes-Kaap ondersteun het. Baie van hierdie projekte gebeur nie sonder uitdagings nie, waarvan die belangrikste hulpbron- en infrastruktuurverreistes is om ekonomiese en produktiewe boerderyeenhede te vestig. Dit is belangrik om hierdie kwessies aan te spreek om betekenisvolle impak te bereik. Ons het ons trotse en bekwame geskiedenis met die bestuur van openbare fondse gedurende hierdie periode gehandhaaf.

Die bestuur van die Anhalt-plaas was na die Haarlem Gemeenskaplike Eiendomsvereniging (GEV) oorgedra wat die plaas namens die gemeenskap sal bestuur. Dit is nadat die GEV 'n privaatmaatskappy Anthalt Boerdery (Edms) Bpk gestig het, wat 'n bedryfsmaatskappy van die boerderyonderneming is. **Casidra** het intussen voortgegaan om die Waaikraal- en Amaliensteinplase te bestuur, soos met die WKDvL ooreengekom. Die bestuur van die staatsplase is sedert die vroeë negentigs in **Casidra** se mandaat, en alhoewel die oordrag van hierdie plase tot volhoubare ondernemingseenhede uitdagend bly met beperkte sukses, bly **Casidra** daartoe verbind om oplossings te vind wat in die nabye toekoms tot die suksesvolle oordrag na die regmatige eienaars sal lei.

Strategiese Verhoudings

Daar is waarde daarin dat **Casidra** regoor die openbare en privaatsektore strategiese verhoudings vestig en koester. Dit behoort vorentoe landelike ontwikkeling en verskeie modelle vir samewerking met kommersiële vennote te ondersteun. Ons het voortgegaan om strategiese verhoudings met Staatsdepartemente, Koöperasies en ander tersaaklike belanghebbendes regoor die Provinsie te bou, handhaaf en uit te brei, om die verwagte diensvlakke aan begunstigdes te lewer. Ons het meganismes ondersoek om toekomstige befondsing te ontsluit om landelike ontwikkeling en transformasieprogramme te ondersteun. **Casidra** se verhouding met verskeie Staatsdepartemente, entiteite, ens. bly positief.

Strategiese Geleenthede vir Casidra

Met ondersteuning van die Raad, het Bestuur voortgegaan om die potensiaal van strategiese geleenthede aktief te ondersoek, met kommersiële vennote wat 'n gemeenskaplike doelwit het. Ons glo daar is 'n sterk bereidwilligheid van kommersiële entiteite om met geloofwaardige, betroubare entiteite soos **Casidra** in vennootskap te gaan, om aan die doelwitte van, of veral, die landbousektor, te voldoen. Indien ons in hierdie opsig sal slaag, sal dit **Casidra** in staat stel om 'n addisionele inkomstebron te hê, benewens ons openbare befondsde inkomste, om landelike ontwikkeling te dryf.

Erkennings/Waardering

Ons is dankbaar teenoor ons Aandeelhouer vir die voortgesette ondersteuning. Ons het baie goeie leiding vanaf beide voormalige Ministers ontvang en sien daarna uit om saam met Minister Ivan Meyer te werk. **Casidra** streef altyd na uitnemendheid en van grootste belang, om aan die verwagting van die aandeelhouer en WKDvL as ons institusionele befondser te voldoen.

Ons is geëerd om saam met die Hoof van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Senior Bestuur en al die personeel te werk, vir 'n groter impak aan ons begunstigdes en uitnemendheid in dienslewering. Ons bedank hulle vir hulle samewerking in hierdie verband.

Ek is dankbaar en ek dank die **Casidra** Direksie vir hulle mosie van vertroue in my om die leiers te neem. U voortgesette strategiese leierskap en bydraes tot **Casidra** se bereiking van ons doelwitte in ondersteuning van landelike ontwikkeling, word hoog op prys gestel.

Bestuur en personeel openbaar altyd wonderlike toewyding om 'n verskil te maak in die lewens van die landelike gemeenskappe wat ons dien. Dankie vir u voortdurende en onvermoeide pogings.

Afsluiting

Ons is uiters passievol daarvoor om op ons mandaat te lewer, naamlik 'Landbou en Ekonomiese Ontwikkeling binne 'n Landelike en Grondhervormingskonteks' en is entoesiasies oor wat ons doen om 'n positiewe impak op die lewens van ons Wes-Kaapse landelike gemeenskappe te maak.

Ainsley Moos
Voorsitter
Casidra MSB Beperk
19 Augustus 2019



Gedurende die afgelope finansiële boekjaar, het **Casidra** voortgegaan om sy posisie te vestig as 'n integrale rolspeler in die implementering van Staatsbefondsde projekte, veral met inagneming van die erkenning dat landelike ontwikkeling 'n belangrike fokus is. Die kapasiteit en projekbestuursvaardighede & hulpbronne vir die stimulering van ekonomiese ontwikkeling en werkskepping, asook die praktiese implementering van projekte in landelike gebiede is beperk, dus is **Casidra** se vermoë om vinnig te beweeg en aanpasbaar te wees in hoogs geregleerde omgewings, saam met beperkte hulpbronne asook eerstehandse projekimplémenteringsvaardighede om op sy mandaat te lewer, en staatsbefondsde programme te bied met 'n koste-effektiewe en bekwame diens, steeds belangrik en relevant.

'n Jaarlikse Aandeelhouersooreenkoms was tussen **Casidra** se Direksie as Rekenpligtige Owerheid en die Uitvoerende Owerheid gesluit, namens die Wes-Kaapse Regering. Dit vorm die fondasie van die bedryfsooreenkoms en is verder onderskryf deur die Kabinetmandaat van 2007.

Gedurende die jaar, was die ernstige droogte wat die Wes-Kaapse Provinsie heeltemal in beslag geneem het, steeds een van die kritieke uitdagings. Dit het egter 'n kreatiewe gees onder ons mense na vore gebring en baie individue het besef hoe vindingryk hulle is wanneer hulle moeilike uitdagings in die gesig staar. **Casidra** het steeds 'n belangrike rol gespeel in die verspreiding van Rampbestuurtoekennings en bystand aan droogtegeteisterde boere in meeste gebiede van die Wes-Kaap.

Klimaatverandering bly een van die grootste uitdagings vir die landbousektor en vereis dus 'n klimaatwyse en volhoubare benadering. Om volgehoue produktiewe landboustelsels te verseker en meer belangrik, voedselsekerheid in Suid-Afrika, benodig die land 'n groter fokus op omgewingshulpbronsbeskerming saam met die volhoubare benutting van natuurlike ekosistels en waterhulpbronne.

Casidra het die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram (CASP) namens die WKDvL geïmplementeer. Weens die voorspelde nasionale fiskale beperkings, was die ondersteuningsinisiatiewe vir die onmiddellike toekoms verminder en sal fokus op die bevordering van huidige begunstigdes tot 'n hoër vlak van werksaamhede en deur dit te doen, poog om die impak van staatstoekenningsondersteuning te verbeter.

Ten einde ons inkomstebasis te vergroot, was sterker fokus geplaas op die bemarking van **Casidra** se projekbestuursdienste aan ander staatsdepartemente en instansies gedurende die jaar in oorsig. Daar was 'n paar projekte wat beveilig en geïmplementeer was onder die Subprogram: Ander Projekbestuur, wat nie in spesifieke verhouding tot 'n kommoditeit staan nie.

Casidra se KMMO-diens het die ondersteuning en ontwikkeling van werkskeppingsprojekte, ontwikkeling van nuwe besighede en bestaande besighede gefasiliteer, en op dié manier vennootskapbefondsing benut en besighedsgeleenthede ontsluit.

Projekte was geïmplementeer vir kliënte soos LandCare, die Departement van Water en Sanitasie (DWS), Departement van Ongewingsake, CapeNature, Marktoegang, Finansiële Rekordhouding, Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) en Breede-Gouritz Catchment Management Agency (BGCMA).

Hierdie projekte strek vanaf die gemeganiseerde skoonmaak van uitheemse plante langs die Bergrivier, die omskakeling van biomassa tot ekonomiese produkte in die Groen Ekonomie, die opgradering van ekotoerisme-fasiliteite en die vestiging van water-oesinfrastruktuur vir landelike huishoudings en as deel van die voedselsekerheidsinisiatief.

Casidra bestuur steeds die Waaikraal- en Amaliensteinplase namens die WKDvL totdat 'n geskikte uitgangstrategie vir direkte staatsbetrokkenheid gefinaliseer is. Die aktiwiteite by hierdie twee plase was uiters beperk weens die droogte-uitdagings wat gedurende dié periode ondervind was. By Amalienstein, was die nuwe plaasbestuurder aangestel. Die Jongenslanddam het sy laagste vlak in dekades bereik en Amalienstein se boerdery-aktiwiteite was gevolglik ernstig benadeel deur die hoeveelheid water wat vir besproeiing beskikbaar was. Voer was aangekoop om die kudde in hierdie tydperk deur te sien totdat bewerkte weivelde herstel kan word. Die plaas het hulp ontvang vanaf die WKDvL om voer vir die diere aan te koop. Ten spyte van die uitdagings met beperkte besproeiingswater, was daar 'n rekord-oes van uiesaad.

By Waaikraal was baie min besproeiing moontlik en die WKDvL het droogtehelpfondse goedgekeur, wat vir die boor van 'n boorgat gebruik was, in 'n poging om gedurende die droogte water vir produksie te verseker. Ongelukkig was die water onbruikbaar weens die hoë soutinhoud. Die uiesaad-oes was negatief geraak deur die droogte, alle lusern het gevrek en geen tamaties was gevestig nie.

Gedurende hierdie periode het die amptelike oordrag van die Anhalt-plaas na die Gemeenskaplike Eiendomsvereniging (GEV) goeie vordering gemaak. **Casidra** het die werksaamhede van die plaas in September 2018 aan die nuut-gevestigde Anhalt Boerdery (Edms) Bpk oorgedra. Die plaas is dus deur Anhalt Boerdery (Edms) Bpk bedryf met 'n Uitvoerende Komitee, bestaande uit die DLOGH, WKDvL, **Casidra** en die GEV wat 'n oorsigrol vervul.

Gedurende die jaar het die bestek van werk in die Plaaslike Ekonomiese en Besighedsontwikkelingsprogram verander as gevolg daarvan dat die programbefondsersherfokus het. Dus was **Casidra** se werk vir sy strategiese doelwitte 1 en 2 nie bereik nie. Die befondsing vir Subprogramme 4.1: Plaaswerkerontwikkeling en 4.2: Landelike Nodale Ontwikkeling was vir die 2018/2019 finansiële boekjaar deur die WKDvL gestaak en die beplande doelwitte was nie bereik nie.

Hierdie finansiële boekjaar het met 'n paar verskuiwings geëindig en daar was 'n behoefte aan oorgang. Dit het die verandering van ons Uitvoerende Owerheid, aanstellings van **Casidra** se nuwe Voorsitter en Ondervoorsitter van die Raad, asook nuwe aanstellings van die Hoof- Uitvoerende Beampte en Hoofbeampte: Tegnies ingesluit. Ons waardering en erkenning word hiermee uitgespreek aan die twee voormalige Uitvoerende Owerhede en hulle toegewyde kantoopersoneel, wat **Casidra** se werk aanvaar en erken het en voortdurend ons personeel aangemoedig het om gefokus te bly.

Ons dank die HVD van die Wes-Kaapse Departement van Landbou, me J Isaacs, en haar hele Senior Bestuurspan wat altyd in ons glo – dat **Casidra** 'n betekenisvolle voertuig vir die WKDvL is.

Ons dank gaan aan die Voorsitter en die hele Direksie vir hulle geloof, ondersteuning en leiding deur die Maatskappy in die regte rigting te stuur. U gesamentlike leierskap is van onskatbare waarde en pertinent vir ons sukses.

Aan **Casidra** se Bestuur en personeel, u verbintenis en toewyding in die werk wat u doen om 'n verskil te maak in die lewens van landelike gemeenskappe van die Wes-Kaap, word hoogs erken en waardeer. U is wenners en kan trots voel op self. Ek dank u almal vir die hartlike welkom waarmee u my ontvang het en ondersteuning in die volgehoue sukses van **Casidra**, en sien uit na die reis vir die volgende jaar

Ashley Seymour
Hoof- Uitvoerende Beampte
Casidra MSB Beperk
19 Augustus 2019

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING VERANTWOORDELIKHEIDS VERKLARING EN BEVESTIGING VAN DIE KORREKTHEID VAN DIE JAARVERSLAG

Na my beste wete, bevestig ons die volgende:

Alle inligting en bedrae wat in die jaarverslag geopenbaar word, stem ooreen met die finansiële jaarstate wat deur die Ouditeur-Generaal Suid-Afrika geouditeer is.

Die jaarverslag is volledig, akkuraat en vry van enige weglatings.

Die jaarverslag is opgestel in ooreenstemming met die riglyne in die jaarverslag soos uitgereik deur die nasionale tesourie.

Die finansiële jaarstate (Deel E) is opgestel in ooreenstemming met die GRAP-standaarde wat op die openbare entiteit van toepassing is.

Die rekenpligtige owerheid is verantwoordelik vir die opstel van die finansiële jaarstate en vir die oordele wat in hierdie inligting gemaak word.

Die rekenpligtige owerheid is verantwoordelik vir die daarstelling en implementering van 'n stelsel van interne beheer, wat ontwerp is om redelike versekering te gee oor die integriteit en betroubaarheid van die prestasie-inligting, die inligting oor die menslike hulpbronne en die finansiële jaarstate.

Die eksterne ouditeure is besig om 'n onafhanklike mening oor die finansiële jaarstate uit te spreek. Na ons mening weerspieël die jaarverslag die bedrywighede, prestasie-inligting, inligting oor mensehulpbronne en finansiële aangeleenthede van die openbare entiteit vir die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2019.

Die uwe



Ashley Seymour
Hoof Uitvoerende Beampte
19 Augustus 2019



Ainsley Moos
Voorsitter
19 Augustus 2019

DEEL A: ALGEMENE INLIGTING STRATEGIESE OORSIG

Om die landbou- en ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede in landelike gemeenskappe te maksimeer deur projékbestuursuitnemendheid.

MISSIE

Om die katalisator te wees vir groei wat uiteindelik lei na selfversorgende gemeenskappe.

VISIE

WAARDES

Integriteit:

Ons tree eties op met vertroue, eerlikheid, betroubaarheid en geloofwaardigheid.

Professionaliteit:

Ons goed-opgeleide span lewer uitstaande werk met 'n positiewe gesindheid en pas die beste praktyk toe met 'n besigheidsgerigte benadering.

Omgee:

Ons wil die beste vir ons kliënte en personeel hê en behandel hulle met respek en empatie, en omarm diversiteit.

Ontwikkingsgedrewe:

Ons voeg waarde toe tot die lewens van mense en besighede met volhoubare groei as mikpunt.

Innowierend:

Ons streef daarna om beter en blywende oplossings te soek.

GRONDWETLIKE MANDATE

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika , 1996 en die Wes-Kaapse Provinsiale Grondwet (Wet 1 van 1998):

- Funksionele gebiede van konkurrente nasionale en provinsiale wetgewende bevoegdheid:
 - Landbou
 - Plaaslike Beplanning en Ontwikkeling
 - Grondbewaring
 - Toerisme
 - Handel
 - Landelike Ontwikkeling
 - Omgewingsake
- Funksionele gebiede van eksklusiewe provinsiale wetgewende bevoegdheid :
 - Provinsiale beplanning

BELEID MANDATE

- Nasionale uitkomst 4, 5, 6, 7 en 10
- Provinsiale Strategiese Doelwitte 1, 2, 3, 4 en 5
- **Casidra** Kabinet mandaat : "Landbou en Ekonomiese Ontwikkeling binne 'n Landelike en Grondhervorming konteks"
- Grond en Landelike Hervorming Programme (GLHP)
- Geïntegreerde Voedselsekerheid en Voeding Strategie
- Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (OLOP)
- Provinsiale Groei en Ontwikkelingstrategie
- Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingstrategie
- Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne Munisipaliteite
- Omvattende Landbou-ondersteuning Program (OLO)
- Geïntegreerde Voedselsekerheid en Voedingsprogram
- Geïntegreerde Voedselsekerheid Strategie
- Nasionale Ontwikkelingsplan
- Nasionale Rampbestuur Raamwerk

WETGEWENDE MANDATES

Personeel Sake:

- Wet op Basiese Diensvoorwaardes (Wet 75 van 1997)
- Wet op Diensbillikheid (Wet 55 van 1998)
- Wet op Arbeidsverhoudinge (Wet 66 van 1995)
- Wet op Pensioen Fondse (Wet 24 van 1956)
- Wet op Openbare Vakansiedae (Wet 6 van 1994)
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling (Wet 97 van 1998)
- Wet op Vaardigheidsontwikkeling Heffings (Wet 9 van 1999)
- Wet op Beheer van Tabakprodukte (Wet 83 van 1993)

Finansiële Sake:

- Maatskappywet (Wet 71 van 2008)
- Inkomstebelastingwet (Wet 58 van 1962)
- Wet op die Beleidsraamwerk vir Voorkeurverkryging (Wet 5 van 2000)
- Wet op Openbare Finansiële Bestuur (Wet 1 van 1999)

ANDER WETGEWENDE MANDATE:

- Breë-basis Swart Ekonomiese Bemagtiging Wet (Wet 53 van 2003)
- Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne (Wet 43 van 1983)
- Wet op die Verbruikers beskerming (Wet 68 van 2008)
- Nasionale Krediet Wet (Wet 34 van 2005)
- Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting (Wet 2 van 2000)
- Wet op die onderverdeling van Landbougrond (Wet 70 van 1970)
- Wet op regulering van die Onderskepping van Kommunikasie en
- Verskaffing van Kommunikasie-verwante Inligting (Wet 70 van 2002)
- Jaarlikse sektorale vasstelling 13: Plaaswerker sektor, Suid-Afrika.

UITVOERENDE GESAG



DR. IVAN MEYER
Minister van Landbou

REKENPLIGTE GESAG



AINSLEY MOOS
Voorsitter



ELTON JEFFHAS
Onder-Voorsitter



JOHANN KIRSTEN



WERNER ABRAHAMS



ZAREENA NACKERDIEN



GUGU NTULI



ESTIAN CALITZ



GERARD MARTIN



MARIUS WÜST

BESTUUR



ASHLEY SEYMOUR
Hoof Uitvoerende Beampte



FREEK VAN ZYL
Hoof Finansiële Beampte



MASIBONGE SILEVU
Hoof Beampte: Tegnies



DAVID NEFDT
Bestuurder: Projekte



LOINICE SECONDS
Menslike Hulpbronbestuurder



EXPERIENCE MATSHEDISO
Openbare Betrekkinge/
Kommunikasie Bestuur



JOHAN BRONKHORST
Bestuurder Streek



CARL BORAINÉ
Rekenmeester

Die OGSA is tans besig met sekere ouditprosedures van die prestasie-inligting om redelike gerusstelling in die vorm van 'n ouditgevolgtrekking te bied. Die ouditgevolgtrekking oor die prestasie gemeet teen voorafbepaalde doelwitte, word ingesluit in die verslag aan Bestuur, met wesenlike bevindings waarvoor verslag gedoen word onder die Voorafbepaalde Doelwitte-opskrif in die Verslag oor ander afdeling regs- en regulatoriese vereistes van die Ouditeursverslag.

Verwys na bladsye 51 tot 53 van die Verslag van die Ouditeur-Generaal, gepubliseer as Deel E: Finansiële Inligting.

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING SITUASIE-ANALISE: DIENSLEWERINGSOMGEWING

Gedurende die 2018/2019 finansiële boekjaar, het **Casidra** voortgegaan om dienste aan die Wes-Kaapse Provinsiale Departemente, Staatsentiteite en die privaatsektor te lewer, volgens sy mandaat, naamlik 'landbou en ekonomiese ontwikkeling binne 'n landelike hervormingskonteks'. **Casidra** is 'n Provinsiale Besigheidsonderneming van die Wes-Kaap.

Dit is die leidende vennoot en katalisator in die stryd teen armoede en ongelukheid in baie van hierdie landelike areas, wat hoofsaaklik gekenmerk word deur die tekort aan hulpbronne, geskikte finansiële, institusionele en ontwikkelingsondersteuning.

Casidra se mededingende voordeel is vir werk binne die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB), die Wet op die Raamwerk vir Voorkeurverkyngsbeleid (RVVB-wet), ens. met 'n soliede goeie reputasie en verhouding binne die Wes-Kaapse Regeringsektor. Ewe belangrik, is die hoë premie wat die Maatskappy plaas op behoorlike prosesse en deur die toepassing van Nasionale en Provinsiale Tesourieregulasies wat al ons verbintenisse in die werk wat ons doen, onderskryf en rig, met inbegrip van voldoening, voorsieningskanaalbestuur (VKB), projekimplementering, ens. Ten spyte van dit alles is **Casidra** in staat om vinnig te beweeg, aanpasbaar te wees in 'n omgewing met sulke uitdagings en om eerstehandse projekimplementering te doen.

Casidra se kernvermoëns word in drie benaderings gestruktureer, naamlik:

- Projekbestuur
- Landbou-egniese Advies en Grondhervormingsadvies
- Plaaslike Ekonomiese en Landelike Ontwikkeling

In 2018/19 het **Casidra** ongeveer 300 tenders uitgereik, beoordeel en toegeken, terwyl regs- en deursigtigheidsprosesse nagekom was, wat vir ons van uiterste belang is. Baie projekte was volgens die Memorandum van Ooreenkoms (MvO) met verskeie kliënte onderteken, en was gereeld gemonitor en oor gerapporteer.

CASP- en Ilima Letsema-projekte

Gedurende hierdie finansiële jaareinde het **Casidra** 'n beduidende aantal nuwe boere deur die CASP- en Ilima Letsema-befondsde projekte van die WKDvL ondersteun. Hierdie projekte was deur die Staat befonds vir landbou-ontwikkelingsinisiatiewe in die provinsie. Hulle het die oorkoepelende doel van werkskepping, terwyl doelwitte van volhoubare hulpbronnenuitbenutting en produktiewe gebruik van grond terselfdertyd bereik word. Dit is 'n aansienlike groot begroting wat deur **Casidra** geïmplementeer is.

Die primêre behoeftes van hierdie begunstigdes verskil van plaas tot plaas. Dit behels tipiese infrastruktuurvereistes soos implemente, plaasstrukture, besproeiingsmateriaal, boorgate, omheining, produksie-insette, hulpbronnabewaringswerke en primêre prosesseringsfasiliteite, terwyl daar terselfdertyd ernstige uitdagings gedurende die ingebruiknemingsfase voorkom, veral wanneer hulle beplanning onakkuraat is en die tydige voorsiening van hierdie ondersteuning kan deur verskeie faktore negatief geraak word, veral wanneer fondse nie betyds oorgeplaas word nie. Oordragte vanaf Nasionale na Provinsiale Tesourie is in ongelyke dele van 20/30/30/20 per sent van die toekenningsbefondsing per kwartaal.

DOS-projekte/Uitheimse Skoonmaak- & Werk vir Water-program

Gedurende die 2018/19 finansiële boekjaar was **Casidra** weer deur die Departement van Omgewingsake (DOS) as 'n implementeringsagent aangestel, en het dus voortgegaan met die bekendstelling van die Program vir Skoonmaak van

Uitheimse en Indringerplantspesies in die riviere. Dit het gevolg op 'n driejaarsooreenkoms vir die bestuur van die Werk vir Water-program vir die Bergrivier en Breederivier oewersones, wat in 2016/17 suksesvol voltooi was. Die Program was selfs groter as vroeër. Terwyl die skoonmaakprogram op uitheimse uitwissing en beheer in die oewersone langs die rivierbanke fokus, het **Casidra** die verkenning gedoen om die biomassa in bruikbare produkte te omskep om meubels en steenkool te vervaardig.

Hierdie produkte was gedurende hierdie finansiële boekjaar getoets en vir die mark voorberei. Die Rehabilitating Environmental Areas for Prosperity (REAP)-embleem was ontwerp om onmiddellik herken te word as die simbool verwant aan die ontwikkeling van volhoubare en transformerende prosesse waar uitheimse bome se hout in omgewingsvriendelike produkte omskep word, wat sal bydra tot 'n verbeterde eksperimentele gebruiker- en natuursentriese handelsgevolg vir grootskaalse sosioekonomiese opheffing.

LandCare-program

Casidra het namens die WKDvL die LandCare-program geïmplementeer. Hierdie Program is daarop gemik om natuurlike ekosistels te bewaar en rehabiliteer en die las op waterhulpbronne te verlig, en deur die Program was baie landelike gemeenskappe bevoordeel deur korttermynwerksgeleenthede en opleiding. Gedurende die implementering, was 'n aansienlike aantal gemeenskappe bereik en voldoende werksgeleenthede was geskep. Projekte het gewissel van arbeidsintensiewe projekte tot die nuutste navorsing en hoogs tegniese projekte in die bewaring van natuurlike hulpbronne.

Rampbestuurfondse en Klimaat/Omgewing

Alhoewel rampe nie voorspel kan word nie, het **Casidra** 'n integrale rol gespeel in die verspreiding van die Rampbestuurtoelae en bystand aan droogtegeteisterde boere in meeste gebiede van die Wes-Kaap. Sy doeltreffende stelsels en vermoë om betalings spoedig te bekom en te administreer, verseker dienslewering van die Rampbestuurprogramme.

Casidra het goedkeuring ontvang om party ramphulpfondse te versprei wat gedurende die 2018/19 finansiële boekjaar deur die WKDvL beskikbaar gestel is. Hierdie fondse was beoog om boere te help wat gedurende vloede infrastruktuurskade op hulle plase gehad het. Die Programme vir die Herstel van Vloedskade word verder versterk deur ondersteuning van die Opvangsbestuuragentskappe en LandCare-programme. Die totale fondse van R377,9 miljoen was aan die begin van die 2018/19 finansiële boekjaar aangewend. Omgewingsimpakassessering (OIA) was afgesluit en implementering het gedurende die finansiële boekjaar plaasgevind.

Drakenstein Munisipaliteit-projek

Casidra het voortgegaan met 'n hernude poging om bystand aan plaaslike munisipaliteite te lewer met die implementering van hulle plaaslike ontwikkelingsagendas. Die implementering van diensleweringprodukte wat oor 'n aantal jare deur **Casidra** ontwikkel was, vir gemeenskappe wat in landelike munisipale gebiede woon, was verdraag deur 'n gebrek aan beskikbare befondsing vir implementering. Gedurende hierdie finansiële boekjaar kon **Casidra** bystand aan die Drakenstein Munisipaliteit lewer met die implementering van die skoonmaak van die Bergrivierprojek.

Kommoditeit-Projektoekenningskomitee (KPTK)-benadering

Casidra het volgehoute ondersteuning aan verskeie Kommoditeit-Projektoekenningskomitees (KPTK) gebied met prosedure en gestandaardiseerde dokumentasie, en dus sy kennis van projekimplementering in hierdie strukture ingebring. Die Bees- en Skaapkommoditeite was gekombineer om die Herkouers KPTK te vorm, en die Plumvee- en Varkkommoditeite was gekombineer om die Witvleis KPTK te vorm, met die afvaardigings om CASP-befondsing aan die aansoekers toe te ken wat aan die gestelde vereistes voldoen. Die KPTK's verseker dat aanbevole projekte aan die toepaslike keuringsvereistes voldoen en dat die toekennings ingevolge die vereistes van die WKDvL se belangrikste lewerbares geprioritiseer word.

Eenheid vir Tegnieese Bystand en die Grondhervormingsadviesoonbank

Die Eenheid vir Tegnieese Bystand (ETB) by **Casidra** was oorval met versoeke vir professionele dienste en bystand. Die diensversoeke het gestrek vanaf versoeke vanaf kleinboeraansoekers en vir inligting oor boerderybeplanning, beleid en uitkomsmeting, tot groter besighede wat hulp gevra het om aandeelhouing en ander besigheidsreëlings te struktureer.

Om impak te gee op die gebied van Grondhervorming en Transformasie, het die Minister van Ekonomiese Geleenthede 'n Grondhervormingsadviesoonbank (GHAT) by **Casidra** geskep om leiding te bied aan boere, besighede, munisipaliteite en grondeienaars om binne die konteks van die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOV) volhoubare grondhervormingsooreenkomste vir landboutransformasie te struktureer. Dit is nog 'n spelwisselaar-inisiatief om die uitdagings van Grondhervorming anders te benader. GHAT se doelwitte is om advies aan kliënte te bied met die struktureer van besigheidsmodelle wat tot die bereiking van die NOV-teikens sal bydra, om die

Distriksgond- en Landboukomitees te ondersteun in die lewering van grondhervorming, soos in die NOV omskryf, i.e. identifisering en toekenning van 'n minimum van 20% landbougrond; om institusionele leiding aan die KPTK's te voorsien wat ondersteuning aan projekte bied; en verseker dat **Casidra** as die implementeerder in ooreenstemming met hierdie proses is en om die ETB te versterk om op die mandaat van die Grondhervormingstoonbank te lewer.

Die GHAT het voortgegaan om bystand aan al sy belanghebbendes te bied, soos grondeienaars met transformasieversoeke. Die GHAT word deur die WKDvL befonds en verleen hulp aan die sektor om teenoor die lewering van die oordrag van 20% grond aan swart boere teen 2030 te fasiliteer. Die onbevredigende vaardighede en kennisbasis van nuwe toetreders in die landbousector was geïdentifiseer as party van die hoofredes waarom Grondhervormingsprojekte nie slaag nie.

Bestuur van Staatsplase

het steeds die Waaikraal- en Amalienstein-plase namens die WKDvL bestuur totdat 'n geskikte uitgangstrategie vir direkte staatsbetrokkenheid gefinaliseer is.

Die volhoubaarheid van Waaikraal en Amalienstein is afhanklik van voldoende befondsing wat beskikbaar gemaak word om die omkeerstrategieë te implementeer wat deur **Casidra** geskep is en lank terug in 2010 by die Provinsie ingedien was. **Casidra** wag egter nog steeds op die goedkeuring en befondsing van die omkeerstrategieë.

Die droogte wat in vorige jare (2016 en 2017) ondervind was het nog terugslae vir Waaikraal en Amalienstein gebring, met die winste wat sedert 2010 gemaak is, wat tot 'n sekere mate verlore gegaan het. Hierdie plase is tans onvolhoubaar en benodig 'n uitbreiding van landbouaktiwiteite, maar omdat dit staatsplase is, kan dit nie toegang tot kommersiële finansies verkry nie.

Die gebrek aan strategiese rigting in transformasie en toegewyde befondsing het 'n reputasierisiko-aanspreeklikheid vir **Casidra** en die WKDvL geword, en is aangespreek deur 'n ooreenkoms met die Departement van Vervoer en Openbare Werke dat 'n hoëvlak-besigheidsaak aan die Kabinet voorgelê word vir die wyse waarop direkte staatsbetrokkenheid met

gevolglike bemagtiging en grondhervorming bereik kan word.

Gedurende die jaar, was die Bestuurs-ooreenkoms vir Anhalt aan die Gemeenskapseiendomsvereniging (GEV) oorhandig, aan die einde van September 2018. **Casidra** het voortgegaan om die amptelike oordrag van die plaas en die oorhandiging van verantwoordelikhede aan die GEV te fasiliteer. 'n Bemagtigingsplan, wat deur **Casidra** begin was en deur die GEV aanvaar was, was gemonitor om te verseker dat alles volgens plan verloop het.

Bystand was intussen ontvang vanaf die Werkfonds, om 14 hektaar vrugte te vestig, wat suksesvol verkry was vir Anhalt. Dit het die plaas wat reeds volhoubaar is 'n hupstoot gegee en was met hulle eie befondsing bestuur sonder enige lenings.

Landelike Infrastruktuur en Armoedeverligting

Casidra se Besigheidsontwikkelingsprojekte lei tot ekonomiese vooruitgang en bou maatskaplike sekerheid, veral in die plattelandse dorpe. **Casidra** fasiliteer 'n aantal Verdere Onderrig en Opleiding (VOO)- en Beroepsopleidingsprogramme wat noodsaaklike vermoëns en vaardighede onder die mense ontwikkel wat in die begunstigdeprogramme betrokke is.

Gemeenskap-Huishoudelike Voedselsekerheid

Die Gemeenskap-Huishoudelike Voedselsekerheidprogram het in die vyfjaarperiode steeds gemeenskaps- en huishoudelike tuine met basiese tuingereedskap en produksie-insette ondersteun. Gedurende hierdie finansiële boekjaar, was 867 huishoudelike en 63 gemeenskapsvoedseltuine deur **Casidra** en die WKDvL bereik. Om verhoogde volhoubaarheid te verseker, was 'n strategie in werking gestel waar diensverskaffers aangestel was om die huishoudings twee keer per week te ondersteun, asook opleidingsprogramme en bemerkingsgeleenthede aan te bied. 'n Hoë prioriteit word geplaas op volhoubaarheid, beide ten opsigte van produksie en organiese selfonderhoudingstelsels.

Herwinning van gryswater en kompos vorm die ruggraat van die inisiatief. Die KPTK vir voedselsekerheid het pogings vir verligting tussen regeringsrolspelers gekoördineer. **Casidra** tree op as die sekretariaat en dryf die aanneming van meer strategiese ingrypings vir volhoubaarheid en waterbesparing om volgens sy omgewingsfokus geïmplementeer te word. Die voortdurende droogte en die besluit dat geen munisipale water vir tuinprojekte gebruik mag word nie, het 'n invloed gehad op die implementering van bystand en gedwonge inisiatiewe vir die optimale gebruik van water en gewasproduksietegniese.

Plaaslike Ekonomiese en Besigheidsontwikkeling

Hierdie Program was gemik op die verbetering van besigheids groei en werkskepping in landelike gebiede deur die aanwending en aanmoediging van belegging vanaf die privaatsektor, asook ondersteuning vir plaaslike ekonomiese en besigheidsontwikkeling oor die algemeen. Gedurende die 2018/19 finansiële boekjaar, het die bestek van **Casidra** se werk om die strategiese doelwitte 1 en 2 te bereik egter verander, as gevolg daarvan dat die programbefondser herfokus het. Dus was die befondsing vir Subprogramme 4.1: Plaaswerkerontwikkeling en 4.2: Plattelandse Nodale Ontwikkeling vir die 2018/19 finansiële boekjaar deur die WKDvL gestaak en die beplande teikens was nie bereik nie.

Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram & Plaaswerkerontwikkelingsprogram

Gedurende 2018/19 het **Casidra** die bekendstelling van die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (CRDP) beplan om op die skepping van vennootskappe in die landelike ontwikkelingsnodes te fokus. Die inisiatief vir die Plaaswerkerontwikkelingsprogram bied noodsaaklike ingrypings wat maatskaplike siektes en welstandkwessies aanspreek. Hierdie inisiatiewe en programme was daarop gemik dat dit potensieel deur opleidingsinisiatiewe versterk kon word en op ondersteuning van minder besighede met meer dienste gefokus kon word. Weens onvoorsiene omstandighede deur die programbefondser, was hierdie Strategiese Doelwit gedurende die finansiële boekjaar verwyder.

Landbouwerkerontwikkeling

Casidra het beplan om die WKDvL te ondersteun met die bekendstelling van die Plaaswerkontwikkelingsprogram en om 'n fasiliterings- en koördineringsrol te speel tussen die verskeie nuwingsgewende organisasies, privaatsektor, die WKDvL en ander belanghebbendes in die implementering van die Program.

Dit behels die bedryfs- en besigheidsondersteuning aan nuwingsgewende organisasies wat deur die WKDvL befonds word, wat vaardighede en maatskaplike ontwikkelingsprojekte implementeer om landbouwerkers te bemagtig. Weens onvoorsiene omstandighede deur die programbefonds, was hierdie Strategiese Doelwit gedurende hierdie finansiële boekjaar verwyder.

Landelike Nodale Ontwikkeling

Gedurende die vorige finansiële boekjare, het **Casidra** 'n belangrike rol gespeel as fasiliteerder van die Landelike Koördineringsprogram en gebruik hierdie posisie om ondersteuning vanaf verskeie entiteite en belanghebbendes te werf om die hulpbronne van die WKDvL te benut. Hierdie Program wat deur die WKDvL befonds was, het 'n betekenisvolle impak op die sosioekonomiese ontwikkeling en stabiliteit van die landelike gebiede gehad. In die 2018/2019 finansiële boekjaar was **Casidra** se dienste vir hierdie Program beëindig.

Ander Projekbestuursdienste

Casidra het onder hierdie Subprogram hulself daartoe verbind om dienste te verskaf aan nuwe en bestaande kliënte waar die behoefte by die geïdentifiseerde projekte bestaan om dienste te projektebestuur, administreer en verkry, met die klem op werkskeppingsaktiwiteite. Gedurende hierdie finansiële boekjaar was die volgende projekte geïmplementeer, soos hieronder uiteengesit:

Marktoegangs- en Finansiële Rekordhoudingsprogramme

Casidra het die Finansiële Rekordhoudingsprogram namens die WKDvL gefasiliteer. Die Program het aan opkomende boere bystand verleen met finansiële geletterdheidsopleiding en boekhou-ondersteuning.

Gedurende hierdie finansiële boekjaar was verdere ondersteuning gegee aan die SEB-boere deur die Marktoegangsprogram, wat swart besighede bemagtig het om deur middel van handelsmissies en skoue toegang tot markte te verkry, waar Suid-Afrikaanse voedsel tentoongestel was. Die swart besighede was ondersteun om binnelandse en internasionale markte te bereik om hulle voedsel te bemark.

Landelike Ontwikkelingsstrategieprojekte

Gedurende hierdie finansiële boekjaar, het **Casidra** voortgegaan om vorige multijarige projekte te implementeer wat teen die einde van die 2017/2018 finansiële boekjaar onvoltooid was. Vyf strategiese projekte om die behoeftes van die Wes-Kaapse plattelandse gemeenskappe aan te spreek, gegrond op die uitkomst van die Landbouwerker Huishoudelike Sensus, was geïmplementeer. Die fokus was op loopbaangeleenthede, Mentorskap vir Jong Vrouens in Landelike Gebiede, Maatskaplike Ondersteuning vir Middelmisbruik, Vroeëkindontwikkeling en Tegniese Vaardighedsontwikkeling. Die algehele voltooiing van hierdie projekte was 48% teen die einde van hierdie finansiële boekjaar.

Entrepreneurondersteuningsfonds

Gedurende hierdie finansiële boekjaar was 'n nuwe finansiële ondersteuningsfonds in Desember 2018 gestig, tussen **Casidra** en die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEOT). Die doel van die Fonds was om oorbruggingslenings aan KMMO's te versprei. Teen die einde van hierdie finansiële boekjaar was die aantal leningsaansoeke wat goedgekeur en uitbetaal was 47, met 'n totale waarde van R3 028 335.

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING SITUASIE-ANALISE: ORGANISATORIESE OMGEWING

Casidra het 'n span van passievolle multidissiplinêre deskundiges wat verbind is tot 'n betekenisvolle impak op landelike ontwikkeling en om saam met vennote te werk in beide die openbare en privaatsektore. Omdat die behoefte aan tegniese advies en ondersteuning groter word, was die werknemers wat by tegniese ondersteuning betrokke is ook by die Tegniese Bestuursseenheid (TBE) ingedeel, terwyl die projektebestuurders by die Projekbestuursseenheid (PBE) ingedeel was.

Die PBE binne **Casidra** konsolideer alle projekverwante programme en bevorder die implementering van lewerbares van verskeie projekte vir landbou, grondhervorming, besigheidsontwikkelingsondersteuning, ondernemingsontwikkeling, en omgewingsbestuur en werkskeppingsprojekte, vir 'n wye verskeidenheid van kliënte. Aan die ander kant fokus die TBE op die implementering van infrastruktuurprojekte van 'n landboukundige aard en bied ook 'n tegniese, administratiewe en verkrygingsondersteuningsdiens aan Eenhede binne die Maatskappy.

Hierdie proses het ons interne werksaamhede verbeter en ons in staat gestel om in 2018/19 effektiewe en doeltreffende projektebestuuruitnemendheid te lewer. Dit is noodsaaklik dat **Casidra** in voeling bly met 'n betreklik konstante veranderende wetgewende en besigheidsomgewing, en steeds die beste moontlike diensleweringuitslags versker.

Die interne prosesse is gemik op die opdatering en verbetering van **Casidra** se interne beleide om sodoende dit in ooreenstemming te bring met die strategiese bedoeling van fokus op projektebestuur-uitnemendheid vir doeltreffende dienslewering.

Die finansieringsmodel wat tussen **Casidra** en die WKDvL ooreengekom is, het in die mediumtermyn finansiële stabiliteit en volhoubaarheid versker.

Stygende insetkoste en inflasie wat die institusionele finansiering beïnvloed het, wat weens begrotingsbeperkings en swak ekonomiese groei toenemend onder druk geplaas word, plaas 'n groot las op **Casidra** se operasionele finansieringsposisie. Dus bemark **Casidra** sy dienste aan alle staatsdepartemente en eksterne instansies om nuwe inkomstestrome te skep en projekinkomste te vergroot.

Casidra se werwing word gelei deur die doelwit om die Projekbestuurmaatskappy van keuse te wees en daarom streef **Casidra** daarna om toepaslik-gekwalifiseerde en gedrewe individue te vind om in diens te neem. Personeelontwikkelingsprogramme is 'n prominente kenmerk binne die organisasie en fokus op die versterking van vaardighede deur kwalifikasies van die organisasie se spanlede te verbeter.

Gedurende die jaar het **Casidra** deur verskeie inisiatiewe, aansienlik in werknemers se welsyn belê. Die fokus vir 2018/19 was emosionele welstand en dit het positiewe byvoordele gehad uit die jaarlikse organisatoriese personeeltevredenheidsopnames wat verskeie elemente van organisatoriese gesondheid meet.

Ons Menslikehulpbronne-eenheid het voortgegaan om 'n opvolgplan te handhaaf, met die doel om beplande opvolg te ontwikkel en te verseker, wanneer werknemers affree of poste ontruim. **Casidra** was in staat om Diensbillikeidskandidate te werf, te lok en te plaas in poste wat voorheen moeilik was om met die aanstelling van Diensbillikeidskandidate te vul. Die werwing van individue wat liggaamlik gestremd is, is 'n sterk oorweging wanneer poste gevul moet word.

Casidra handhaaf die groeninisiatief-strategie met die bedoeling om koolstofverbruik te verminder. Verskeie inisiatiewe was deurlopend gemonitor en dienoreenkomstig gemeet by ons Streekkantoor, die plase en Hoofkantoor.

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING SITUASIE-ANALISE: ORGANISATORIESE OMGEWING

Hierdie maatreëls word in 'n Groeninisiatief-verslag saamgevat, wat papierverbruik, reiskostes, en water- en elektrisiteitverbruik dek.

Casidra se webgebaseerde toepassing vir projekbestuurs-inligting en verkryging, Casper, word steeds suksesvol as 'n besigheidswerktuig bedryf. Hierdie stelsel bied aan alle belanghebbendes die funksie van toegang tot projekinligting deur op die betrokke projek op die webgebaseerde stelsel in te gaan.

Meer funksionaliteit word bygevoeg soos wat die stelsel getoets en verfyn word asook in alle programme binne die organisasie operasioneel ingebruik geneem word.

Die waarde van die toepassing lê in die gereedlik-beskikbare projekinligting wat tot die beskikking van alle belanghebbendes is wat toegang tot die internet het en met die druk van 'n knoppie.

Hierdie instrument help om dienslewering te bespoedig, verbeter kommunikasie en is omgewingsvriendelik terwyl die koolstofvoetspoor verlaag word. Gedurende 2018/19 was die stelsel verbeter om prestasierapportering te onttrek vir die doeleindes van ouditrapportering.

Weens moeilike ekonomiese tye en begrotingsbesnoeiings wat die Regering ondervind het, was Kostebesparingsmaatreëls, soos deur Nasionale Tesourie omskryf, deur **Casidra** ingebruik geneem. Dit was om te verseker dat die Maatskappy meer verantwoordelik is vir die effektiewe, doeltreffende, ekonomiese en deursigtige aanwending van sy hulpbronne.

Ons verseker dat alle werknemers bewus is van die huidige ekonomiese realiteite en verskerp pogings om doeltreffendheid in besteding te verbeter. Voorts monitor ons begrotings noukeurig om kostedoeltreffendheid, doeltreffendheid van voorsieningskanaal-/verkrygingsprosesse en -prosedures te verbeter, asook die vermyding van verkwiste besteding, om te verseker dat waarde vir geld bereik word in die lewering van programme en dienste. Werksaamhede word streng bestudeer met die oog op die voorkoming van enige onreëlmatige, ongemagtigde of verkwiste besteding.


Begrotingsbeperkings sal **Casidra** noodsaak om voortdurend die omgewing vir besigheidsgeleenthede te verken en om inkomste uit te brei. Personeelkoste is die vernaamste kostedrywer en deur mentorskap en opleiding word beter aanwending van menslike kapasiteit nagestreef.

Die Regering se Sentrale Verskaffersdatabasis (CSD) vir die registrasie van diensverskaffers/verskaffers is gestabiliseer, met baie verskaffers wat hulself aanlyn kon registreer. **Casidra** se werknemers het egter steeds versoeke vir bystand ontvang vanaf diegene wat nie toegang tot die stelsel het nie.

Ons het voortgegaan om handelsmerkbewustheid vir die Maatskappy te skep deur verskeie platforms in die openbare/belanghebbende verhoudings, bemaking, kommunikasie, mediaverhoudinge, reklame en korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid.

'n Webgebaseerde Elektroniese Kwartaalikse Prestasiebestuur-rapporteringstelsel (eQPRS), wat deur die Departement van die Premier se Direktoraat vir Prestasie en Monitoring gevestig was, om amptelik die ou MS Excel-rapporteringstelsel te vervang, is met min haakplekke gestabiliseer.

DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING OORBLIWENDE BEGROTINGSBESTUUR VIR 2018/19



DEEL B: PRESTASIE-INLIGTING KERN- BELEIDONTWIKKELINGS- EN WETGEWENDE VERANDERINGS

Geen.

STRATEGIESE DOELWIT 1	
Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 1	Casidra moet bestuurdienste aan die Wes-Kaapse Departement van Landbou lewer om sy doelwitte te bereik.
Doelstelling	<p>In die beleid van die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming (DLOG) se Herkapitaliseringsprogram, wat in Mei 2011 gepubliseer is, was dit as 'n feit gestaaf dat die meeste van die 6 miljoen hektaar landbougrond wat deur die Grondhervormingsprogram oorgedra word, nie meer in produksie is nie en misluk het.</p> <p>Een rede hiervoor is dat, in baie gevalle, grond aan groot groepe begunstigdes sonder suksesvolle institusionele reëlings toegeken was om produktiewe en volhoubare gebruik van die grond moontlik te maak.</p> <p>'n Tweede rede is dat daar nie genoeg gestruktureerde ondersteuning aan begunstigdes gegee was nie wat, in die meeste gevalle, baie min landbou- en bestuurservaring en -vaardighede het.</p> <p>'n Derde rede is dat daar 'n wanverhouding tussen die OLOP (CASP) en die Grondhervormingsprogram was, en die ondersteuning wat aangebied was, het nie al die behoeftes van nuwe toetreders tot die landbouproduksie-arena op 'n gestruktureerde en omvattende wyse aangespreek nie.</p> <p>Dit word verklaar dat daar onvoldoende kapasiteit in die regering is vir volskaalse implementering van hierdie programme.</p> <p>Deur landbou-ondervinding en -kennis met projekbestuursvermoëns en doeltreffende finansiële en bestuursstelsels te kombineer, sal Casidra voortgaan om die Departement met die betaling van fondse uit die Omvattende Landbou-ondersteuningsprogram (CASP) te ondersteun. 'n Beraamde 230 aktiewe grondhervormingsprojekte word deur die WKDvL ondersteun, met verkryging van toelaagbefondsing vir fisiese infrastruktuurlewering op goedgekeurde projekbesigheidsplanne.</p> <p>Nog 'n inisiatief om hierdie doel te ondersteun, is die betrokkenheid in die Landbouproduksiestrategie van die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DLBV), binne die konteks van landelike ontwikkeling en gekoppel aan die doelwit van landelike hervorming. Institusionele reëlings vir 'n geïntegreerde ondersteuningstrategie is gegrond op die kommoditeite se benadering. Praktiese produkspesifieke en bemarkingservaring word vir elk van die nege kommoditeite in die Kommoditeit-Projektoekenningskomitees (KPTK) bymekaar gebring, en word gebruik om projekte vir lewensvatbaarheid te evalueer en om CASP-befondsing aan aansoekers toe te ken.</p> <p>Casidra sal 'n integrale rol speel in die fasilitering van die prosesse binne spesifieke kommoditeite, as 'n sekretariaat vir hulle dien, en die goedgekeurde besigheidsplanne vir kommoditeite waarby Casidra betrokke is, implementeer.</p> <p>Drie plase in staatsbesit (besit deur die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming en die Provinsiale Departement van Vervoer en Openbare Werke), wat as grondherstelprojekte tot die 1980's terugdateer, word namens die WKDvL deur Casidra bestuur. Die Anhalt-plaas is in die proses van oordrag aan die gemeenskap van Haarlem en Casidra was behulpsaam om hulle tot onafhanklikheid te bemagtig. Alhoewel die grond nog nie oorgedra is nie, was die besigheid aan Anhalt Boerdery (Edms) Bpk, 'n maatskappy met direkteure, oorgedra. Vanaf 1 April 2019 sal Casidra slegs in 'n ondersteunende rol optree as deel van die Bestuurskomitee van die plaas, totdat die grond oorgedra is.</p> <p>Die WKDvL is verantwoordelik vir die fasilitering van die Omvattende Landelike Ontwikkelingsprogram (CRDP) in geselekteerde nodusse in die Wes-Kaap, met die doel om lewendige, volhoubare landelike gemeenskappe te skep.</p> <p>Die Strategiese Doelwitte van die program word soos volg omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Alle provinsiale departemente en plaaslike regeringsowerhede wat dienste op 'n gekoördineerde en samehangende wyse lewer, deur die daarstelling van interdepartementele beheerkomitees. • Institutionalisering van gemeenskap-organisasiestrukture om gemeenskappe te bemagtig ten opsigte van die identifisering en implementering van nuwe projekte. • Vestiging van ekonomiese, maatskaplike ontwikkelings- en infrastruktuurprojekte om ekonomiese groei te fasiliteer. • Vaardigheidsopleiding aan werklose persone. • Volhoubare werk geskep vir werklose persone. • Verbetering van voedselsekerheid deur middel van intervensies op huishoudelike vlak. <p>Terwyl die Departement sal fokus op die burgergerigte rol in die voorbereiding van die institusionele omgewing vir implementering, sal Casidra op die implementering van geïdentifiseerde projekte fokus, deur uitstekende projekbestuursdienste aan te bied.</p> <p>Koppel met Privaatsektor-telkaart: Klant (Ekstern)</p>

STRATEGIESE DOELWIT 2	
Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 2	Verleen ondersteuning vir plaaslike ekonomiese en besigheidsontwikkelingsinisiatiewe in landelike gebiede om 'n instaatstellende omgewing te skep en te fasiliteer, fasiliteer ekonomiese groei en werkskepping deur die bevordering van die implementering van groeninisiatiewe deur ekonomiese steun te verleen en deur mentorskap.
Doelstelling	<p>Die Wes-Kaapse ekonomie, as 'n belangrike bydraer tot die nasionale ekonomie, beklemtoon die belangrikheid van regeringsingrypings en beleid om ekonomiese groei te handhaaf en te rig.</p> <p>Alhoewel die landbousektor die logiese en verstandige hoeksteen van landelike ontwikkeling kan wees, is dit die omgewing vir suksesvolle landbou-ekonomiese, maatskaplike en omgewingsaktiwiteite wat holisties tot landelike ontwikkeling bydra.</p> <p>Met inagneming van landelike ontwikkeling, moet daar kennis geneem word van die werklike ontwikkelingspotensiaal van munisipale gebiede, ten einde 'n omgewing te skep wat beleggings in die privaatsektor ondersteun, wat volhoubare werkseleenthede vir landelike gemeenskappe sal skep. Landelike ontwikkeling kan nie die enigste mandaat van een departement wees nie. Ingrypings vanuit verskeie staatsagentskappe, semistaatsinstellings en die privaatsektor sal nodig wees om 'n beduidende impak te maak.</p> <p>In hierdie verband, moet die hoofkomponente van 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe, die volgende insluit:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verhoogde vaardigheidsvlakke • Toegang tot 'n volledige reeks besigheidsontwikkelingsdienste • Markgereedheid en toegang <p>Toeganklikheid van besigheidsinligting aan beide kleinboere en entrepreneurs in die plattelandse gebiede kan as 'n katalisator vir ekonomiese groei en werkskepping dien, maar die realiteit van die Wes-Kaap is dat die huidige 14 prominente sake-ondersteuningspersele in die groter Kaapstad-omgewing gekonsentreer word, in vergelyking met slegs een in die uitgestrekte landelike gebied.</p> <p>Die Strategiese Doelwitte van die program word soos volg omskryf:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Om ekonomiese bemagtiging van opkomende entrepreneurs en klein ondernemings te fasiliteer. • Om bewustheid van ekonomiese geleenthede te fasiliteer deur toegang tot finansiële en nie-finansiële inisiatiewe te verbeter. • Om by te dra tot die skepping van 'n omgewing wat belegging in die privaatsektor ondersteun deur toepaslike privaatsektorbeplanning en belegging binne landelike gemeenskappe. • Om die implementering van groen-inisiatiewe te bevorder. • Om 'n bemagtigende omgewing te skep en ekonomiese ondersteuning en mentorskap te fasiliteer. <p>Casidra sal 'n projekbestuursrol in enige geïdentifiseerde projekte vervul wat bogenoemde strategiese doelwitte onderskryf.</p> <p>Koppel met Privaatsektor-telkaart: Klant (Ekstern)</p>
STRATEGIESE DOELWIT 3	
Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 3	Bestuur hulpbronne doeltreffend en verseker goeie samewerkende bestuur om 'n ongekwalifiseerde oudit in elke boekjaar te verkry.
Doelstelling	<p>'n Entiteit soos Casidra gaan oor doeltreffende dienslewering ter ondersteuning van staatsdepartemente vir 'n spesifieke doel. Dit moet dus met die nodige kapasiteit bemagtig word om op die taak op hande te kan fokus. Die Maatskappy se ondersteuningsdienste (finansies en administrasie, menslike hulpbronne, openbare betrekkinge en kommunikasie en inligtingstegnologie) moet op so 'n wyse georganiseer word dat hulle die projekleweringsdepartemente doeltreffend en effektief ondersteun. Daarbenewens sal die retensie van personeel 'n strategiese prioriteitsarea wees.</p> <p>Casidra se korporatiewe bestuur, sy Direksie en komitees word deur die beginsels van die King IV-verslag georganiseer en ingelig. Casidra neem ook sy mensepraktyke en groenstrategie ernstig op. Volhoubaarheid van die organisasie is vir die Direksie en bestuurspan van groot belang.</p> <p>Koppel met Privaatsektor-telkaart: Finansiële; Interne Proses en Werknemeropleiding en -groei (Intern)</p>

STRATEGIESE DOELWIT 4	
Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 4	Ontwikkel en implementeer die Casidra Ontwikkelingsmodel teen 2020.
Doelstelling	<p>Casidra se huidige lewerbares was gebou rondom:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Projekbestuurvermoëns • Doeltreffende bestuurstrukture • Doeltreffende finansiële stelsels • Mededingende voordeel as gevolg van 'n besigheidsgeoriënteerde model • 'n Reaktiewe kultuur om op behoeftes te reageer <p>In die verlede was kliënte meestal beperk tot twee provinsiale departemente, naamlik die WKDvL en die DEOT, met lewerbares aan individuele begunstigdes, deur middel van spesifieke programme wat deur die twee departemente bestuur was. Op grond van prestasie, vaardighede en samestelling, kan Casidra sy dienste aan ander staatsdepartemente bemark.</p> <p>Casidra het 'n blou-druk ontwikkel in die ontwikkeling en implementering van ontwikkelingsinisiatiewe in die landelike gebiede van die Wes-Kaap. Casidra het op sy reis 'n stadium bereik waar hy ekstern wil uitreik en veral gemeenskapsrolspelers in staat wil stel om uitkomsgedrewe ontwikkelingsinisiatiewe te implementeer. Die Maatskappy beoog om 'n opleidings- en ontwikkelingsarm te stig wat 'n addisionele inkomstestroom vir Casidra kan bied.</p> <p>Die organisasie het in 2015 'n omvattende ondersoek in organisasie-ontwerp ondergaan, wat die huidige struktuur se belyning met die strategiese voorneme van die Maatskappy beoordeel het. Die uitkoms van die ondersoek het die skommeling van party funksies uitgelig. Die aanbevelings van hierdie ondersoek was deur die Raad goedgekeur vir implementering in 'n gefaseerde benadering. Casidra beoog om teen 2020 die volwaardige vestiging van 'n projekbestuur-organisasiestruktuur te verken.</p> <p>Koppel met Privaatsektor-telkaart: Klant (Ekstern); Interne Proses en Werknemeropleiding en -groei (Intern)</p>
STRATEGIESE DOELWIT 5	
Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 5	Om projekbestuursvermoë as 'n implementeringsagent in die algemeen te handhaaf en deur projekbestuursopleiding en inligtingstelsels uit te brei.
Doelstelling	<p>Casidra moet voortdurend opskerp deur volgehoue voorpunt-projekbestuursopleiding aan sy personeel te verseker, om die Maatskappy te help om 'n hoë-prestasiespan te word wat in projekuitnemendheid uitblink. Casidra kan nie goeie diens lewer as dit die menslike kapitaalontwikkeling van sy eie personelede verwaarloos nie. Die 'leerorganisasie'-konsep moet ook deur inligtingstegnologie-ondersteuning aan die projekbestuurders en 'n doeltreffende kennisbestuurstelsel gesteun word.</p> <p>Koppel met Privaatsektor-telkaart: Klant (Ekstern); Interne Proses en Werknemeropleiding en -groei (Intern)</p>
STRATEGIESE DOELWIT 6	
Strategiese Uitkomstgerigte Doelwit 6	Ontwikkel en groei nuwe markte op 'n kosteverhalingsgrondslag teen 'n jaarlikse koers van 3%.
Doelstelling	<p>Casidra MSB Bpk moet proaktief wees om sy dienste aan ander staatsdepartemente te bemark. Om toekomstige volhoubaarheid te verseker, moet die maatskappy nuwe markte identifiseer en ontwikkel om ekstra inkomste te genereer. Dit sal gedoen word sonder om die Maatskappy se primêre fokus uit die oog te verloor gebaseer op sy mandaat. Casidra se unieke vermoëns en sterkpunte stel dit in staat om homself as 'n voorkeur-diensverskaffer aan provinsiale en nasionale departemente te posisioneer.</p> <p>Koppel met Privaatsektor-telkaart: Klant (Ekstern); Finansiële (Intern).</p>

DOEL

Die doel van die Program is om leierskap, strategiese rigting en ondersteuning te verskaf aan die onderskeie programme van Casidra.

SUBPROGRAMME

- 1.1 Openbarebetrekkinge, Bemaking en Kommunikasie
- 1.2 Finansiële Bestuur
- 1.3 Menslike Hulpbronbestuur
- 1.4 Strategiese Opleiding
- 1.5 Korporatiewe Bestuur

LYS VAN STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Program 1: Korporatiewe Dienste	
Subprogram 1.1: Openbare Betrekkinge, Bemaking en Kommunikasie	
Strategiese Doelwit 1	Bied 'n interne en eksterne kommunikasiediens aan die Maatskappy en projekte (SD 3,4 en 6)
Doelwitstelling	Skep handelsmerkbewustheid deur die maatskappy, projekte en die dienste te bevorder deur die lewering van 'n interne en eksterne kommunikasiediens.
Basislyn	Ontwikkel en implementeer 'n bemarkings- en kommunikasiestrategie en aksieplan deur die saamstel en uitgee van alle publikasies vir korporatiewe voldoening, deur gehalte redigeerdienste te bestuur. Die Maatskappy se publisiteit sal op gratis of goedkoop bemarkingsgeleenthede gefokus wees. Die Maatskappy se korporatiewe beeld sal voortdurend gemonitor word. Die bemaking en promosie van die Maatskappy sal op die regte teikenmark gerig wees, soos in die strategie omskryf. Voorspraak en steunwerwing het ook in die verlede 'n integrale deel uitgemaak van die verkryging van nuwe besigheid vir die maatskappy.
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwitte 3, 4 en 6
Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur	
Strategiese Doelwit 2	Lewer 'n doeltreffende en effektiewe administratiewe diens aan die Maatskappy en projekte (SD4)
Doelwitstelling	Verseker nakoming van alle finansiële stature en regulasies, veral die Wet op Openbare Finansiële Bestuur en die Maatskappywet.
Basislyn	Alle statutêre rapportering moet nagekom word. Strenger begrotingsbeperkings word in 2019/20 verwag en dit sal strenger inperking van uitgawes tot gevolg hê
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwit 4
Subprogram 1.3: Menslike Hulpbronbestuur	
Strategiese Doelwit 3	Bied 'n doeltreffende en effektiewe menslike hulpbronnediens aan die Maatskappy en projekte (SD 3 en 5)
Doelwitstelling	Om 'n doeltreffende en effektiewe menslike hulpbronbestuursdiens te voorsien deur: <ul style="list-style-type: none"> • Personeelwelstand te bevorder • Sterk arbeidsverhoudinge • 'n Optimaal-benutte personeelstruktuur
Basislyn	<ul style="list-style-type: none"> • 3 holistiese welstand-inisiatiewe in gebruik geneem • 2 werkerkomitee-vergaderings en 4 personeelforum-vergaderings geskeduleer • 2 prestasiebeoordelings in gebruik geneem
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwitte 3 en 5

Subprogram 1.4: Strategiese Opleiding

Strategiese Doelwit 4	Bied strategiese opleiding binne die Maatskappy (SD 4 en 5)
Doelwitstelling	Verseker die toekomstige volhoubaarheid van Casidra as 'n projekbestuursmaatskappy van uitnemendheid.
Basislyn	<ul style="list-style-type: none"> • Interne projekbestuurkursus geakkrediteer • 120 Werknemers opgelei • 8 beurs-kwalifikasies
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwitte 4 en 5

Subprogram 1.5: Korporatiewe Bestuur

Strategiese Doelwit 5	Verseker korporatiewe bestuur (SD 4)
Doelwitstelling	Om 'n doeltreffende en effektiewe diens te lewer in ooreenstemming met die beste praktyk in korporatiewe bestuur.
Basislyn	Casidra se korporatiewe bestuur, handel volgens die manier waarop sy Direksie en komitees deur die beginsels van die King III-verslag georganiseer en ingelig word. Casidra neem ook sy mensepraktyke en Groenstrategie ernstig op. Volhoubaarheid van die organisasie is van groot belang vir die Direksie en bestuurspan.
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwit 4

STRATEGIESE DOELWIT JAARLIKSE TEIKENS VIR 2018/19

Program 1: Korporatiewe Dienste

Strategiese Doelwit	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal ingrypings vir interne en eksterne kommunikasiedienste	8	8	8	-	
Aantal effektiewe en doeltreffende finansiële bestuursdienste	15	1	1	-	
Aantal doeltreffende en effektiewe menslike hulpbronnendienste	14	11	11	-	
Aantal ingrypings vir strategiese opleiding	24	29	29	-	
Aantal korporatiewe bestuur-ondersteuningsdienste	10	10	10	-	

Subprogram 1.1: Openbare Betrekkinge, Bemaking en Kommunikasie

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal publikasies saamgestel en gepubliseer	7	7	7	7	7	-	
Aantal byeenkomste georganiseer/ gekoördineer	1	1	1	1	1	-	

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Oudit-mening vanaf AGSA verkry ten opsigte van vorige finansiële boekjaar	1	1	1	1	1	-	

Subprogram 1.3: Menslike Hulpbronbestuur

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal welstands- en spanbou-inisiatiewe geïmplementeer	-	4	4	3	4	1	Bedryfs-vereistes vermeerder
Aantal werkerkomitees en personeel-forumvergaderings	-	8	8	6	6	-	
Aantal maatskappy-wye prestasiebeoordelings gekoördineer	3	3	2	2	2	-	

Subprogram 1.4: Strategiese Opleiding

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Akkreditasie van Projekbestuurkursus	-	-	-	1	1	-	
Aantal ontwikkelings- en opleidingsinisiatiewe in lyn met Casidra se strategie	23	24	24	28	29	1	Operasionele opleidings-vereistes

Subprogram 1.5: Korporatiewe Bestuur

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal bestuursdokumente volgens Tesourie se voorskrifte ingedien	10	10	10	10	10	-	

PROGRAMPRESTASIE

Subprogram 1.1: Openbare Betrekkinge, Bemaking en Kommunikasie

Die Openbare Betrekkinge, Bemaking en Kommunikasie-eenheid bied steeds tersaaklike ondersteuningsdienste aan die onderskeie programme en projekte van **Casidra**. Die implementering van prestasieaanwyserdoelwitte was bereik soos beplan in ons 2018/2019 Korporatiewe Plan. Alle publikasies, wat die Korporatiewe Plan, Jaarverslag, Kwartaallike nuusbriewe en verskeie bemakingsbrosjures insluit, was betyds saamgestel, gepubliseer en versprei na alle belanghebbendes.

Subprogram 1.2: Finansiële Bestuur

Casidra het sy 29ste ongekwalifiseerde eksterne ouditverslag oor Finansiële State bereik.

Subprogram 1.3: Menslike Hulpbronbestuur

Casidra glo sterk daaraan dat, indien ons ons mense ontwikkel, ontwikkel ons ons besigheid. Personeelontwikkelingsprogramme is 'n prominente eienskap binne die organisasie en fokus daarop om organisasie-spanlede se vaardighede te versterk en hulle kwalifikasies te verbeter. Dit behels werksinkels/afrigting vir selfontwikkeling, ondersteuning van spanlede se reise tot selfontdekking en hulp om insig in gedragstyle te verkry, hoe

om gedrag aan te pas om verhoudings te versterk en beter uitkomst in situasies te geniet. Menslike Hulpbronne belê aansienlik in holistiese werknemer-welstandinisiatiewe.

'n Gesonde arbeidsverhoudingeklimaat word gehandhaaf deur oop kommunikasiekanale, werkerkomitee-vergaderings, personeelforumvergaderings en effektiewe interne griewe-hanteringsprosedures. **Casidra** het 'n prestasiegedrewe kultuur wat daarop gemik is om elke werknemer se uitset ten opsigte van kwaliteit en kwanfiteit te optimaliseer, wat gemik is op algehele prestasie en dienslewering.

Subprogram 1.4: Strategiese Opleiding

Gedurende hierdie finansiële boekjaar het **Casidra** akkreditasie vanaf Dienste-SETA ontvang om 'n kortkursus in Projekbestuur te fasiliteer.

Subprogram 1.5: Korporatiewe Bestuur

Casidra het aan Tesourieregulasies voldoen en sy Jaarlike Finansiële State, KMIE (CIPC), B-BSEB jaarlikse opgawes, begrotings, Korporatiewe Plan en Aandeelhouersooreenkomts betyds ingedien.

STRATEGIE OM GEBIEDE VAN ONDERPRESTASIE TE OORKOM

Geen.

VERANDERINGS AAN BEPLANDE TEIKENS

Geen.

KOPPEL PRESTASIE MET BEGROTINGS

Program	2017/2018			2018/2019		
	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding
Korporatiewe Dienste	R	R	R	R	R	R
Finansiële Bestuur	4 014 883	7 692 805	(3 677 922)	4 345 000	4 105 372	239 628
Inligtingstechnologie	357 420	243 031	114 389	570 000	371 959	198 041
Menslike Hulpbronbestuur	13 420 814	10 835 686	2 585 128	14 475 000	11 122 879	3 352 121
Regs- en Korporatiewe Bestuur	75 029	17 442	57 587	79 000	6 882	72 118
Openbare Betrekkinge, Bemaking en Kommunikasie	326 138	308 404	17 734	358 000	329 654	28 346
KAPITAAL	1 132 792	1 276 887	(144 095)	2 027 000	947 959	1 079 041
TOTAAL	19 327 076	20 374 255	(1 047 179)	21 854 000	16 884 705	4 969 295

= Hierdie program het hoofsaaklik 'n ondersteuningsfunksie. Die waarde is in die ondersteuning van die lyn funksies om 'n professionele diens te lewer

DOEL

- Om spesifieke staatsplase (d.w.s. Anhalt, Amalienstein en Waaikraal) op 'n volhoubare wyse te bestuur om hulle na 'n relevante ontvangsentiteit oor te dra.
- n Volhoubare meganisme vir nuwe en gevestigde boere te verseker (insluitend begunstigdes van grondhervorming en plaaswerkers).

SUB-PROGRAMMES

- 2.1 Die Bestuur van die Regeringsplase
- 2.2 Ondersteuning en Ontwikkeling

LYS VAN STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Strategiese Doelwit 1	Bestuur regeringsplase op 'n volhoubare wyse totdat dit na 'n relevante entiteit oorgedra kan word (SD 1)
Doelwitstelling	Om 'n plaasbestuurskapasiteit, fisies en finansiële, aan twee regeringsplase in die Wes-Kaap te bied sodat hulle volgens die aanvaarde inisiatiewe ontwikkel kan word, soos in die omdraaistrategieplanne geïdentifiseer (op voorwaarde dat dit deur die WKDvL en selfgegeneerde fondse befonds word); om binne die vyfjaar kontrakperiode volhoubaarheid te bereik.
Basislyn	<p>Waaikraal en Amalienstein is vir baie jare onder Casidra se bestuur, maar sedert 2010 is die twee plase onder die bestuursverantwoordelikheid van die WKDvL. Voor 2010, was die plase struktuurlik nuwingsgewend en het beleggings benodig om die plaaswerkzaamhede uit te brei. Die WKDvL het versoek dat Casidra omdraaistrategieë opstel, wat in 2010 voltooi was, maar die WKDvL kon nie hierdie strategieë ten volle befonds nie (Waaikraal was gedeeltelik befonds as deel van die CRDP se nodale ontwikkeling en Amalienstein het in 2017 CASP-befondsing ontvang om die plaas se besproeiingstelsel op te gradeer). Die doel van die omdraaistrategie was om winsgewendheid en volhoubaarheid te bereik, en befondsing was nodig om nuwe ondernemings aan te pak, maar ook om operasionele tekorte te dek totdat die nuwe ondernemings in volle produksie was en verby gelykbreek kom. Daardie ideaal was nie bereik nie, aangesien befondsing onvoldoende was om alle nuwe ontwikkelings te implementeer soos wat deur die omdraaistrategie voorgestel is.</p> <p>Die tekort was vererger deur die feit dat BTW nie deur die plase geëis kon word nie. Casidra se verantwoordelikhede is dus, om die bestaande ondernemings binne die hulpbronvermoëns te optimaliseer en die bates teen vandalisme te bewaar.</p> <p>Gedurende hierdie verslagtydperk was Amalienstein negatief geraak deur die droogte en besproeiing moes van tyd tot tyd beperk word, en sedert die begin van 2019 was dit totaal gestaak wat daartoe gelei het dat voer aangekoop moes word, wat tot addisionele uitgawes gelei het. Die plaas moes water aan Zaar voorsien vir menslike gebruik. Teen die einde van die tydperk was die situasie steeds ernstig met een dam steeds leeg en die ander op 7%. Die Departement het vir 2018/19 addisionele befondsing van R1.4 miljoen vir die plaas goedgekeur weens die impak van die droogte.</p> <p>Die huidige droogtesituasie het ook 'n baie negatiewe effek op Waaikraal en alle waterkwotatoewysings was gestaak. Dit het gelei tot baie min produksie sedert 2017/2018 en lusernlande het almal gevrek en beeste was verkoop. Waaikraal het Nguni-beeste gehad, maar moes verkoop word, want daar was geen mark vir hierdie tipe ras nie en dus is die plan om die beeste met 'n winsgewende ras te vervang.</p>
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwit 1
Strategiese Doelwit 2	Fasiliteer en implementeer landbouprojekte vir landoubegunstigdes deur regeringsbefondsing (SD 1)
Doelwitstelling	Om landbou-infrastruktuur te implementeer en ondersteuning met produksietoelaag te bied aan begunstigde plase in die Wes-Kaap deur middel van werknemers wat projekbestuurgereedskap en vaardighede toepas, sodat lewering effektief en doeltreffend kan wees en binne die geskeduleerde tyd vir die ingryping.
Basislyn	<p>Gedurende die voorafgaande jare was die fondse wat aan Casidra oorgedra is om plase in privaatbesit met infrastruktuur te help, met uitsondering van die fondse vir die kommoditeite wat onafhanklik funksioneer, in die omgewing van R68 miljoen per jaar. Die aantal projekte wat met hierdie fondse gefinansier kan word, het afge neem as gevolg van die volume van die toekenningsaansoeke wat ontvang is en is ongeveer 76. Daar word verwag dat die befondsing vir die volgende jaar onder druk sal wees en begrotingsbesnoeiings word verwag. Projekte word oor die hele provinsie versprei en kan nie net tot een geografiese streek beperk word nie.</p> <p>Weens die feit dat landbou seisoonaal is, is baie van hierdie projekte multijaarprojekte en as gevolg daarvan dat fondse vanaf die Nasionale Departement, deur die loop van die jaar in vier dele oorgedra word, word projekte dan na die volgende jaar oorgedra vir die voortsetting van die implementering. Die aantal projekte wat oorgedra word, het elke jaar dramaties verminder, maar kan nie vermy word nie, met nog sowat 30 wat jaarliks oorgedra word.</p> <p>Casidra verskaf institusionele ondersteuning aan twee kommoditeitsgroepe om voldoening en implementering te verseker, en ondersteun agt ander met sekretariaatsdienste.</p> <p>Die dienste van die ETB aan aansoekers in die CASP-subsidieraamwerk het gestabiliseer en baie min aansoeke word ontvang om volledige besigheidsplanne te ontwikkel. Die werklike behoefte is vir insette oor spesifieke hulpbronne, aandelebesit met betrekking tot die B-BSEB-kodes en finansiële beplanning met elke jaar. 'n Grondhervormingsadviesburo (LREAD) is gevestig om advies oor grondhervormingsinisiatiewe te fasiliteer.</p>
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwit 1

Program 2: Landbou en Grondhervorming

Strategiese Doelwit	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal staatsplase op 'n volhoubare wyse bestuur vir oordrag aan 'n betrokke ontvangende entiteit	3	2	3	1	Anhant-plaas nog nie oorgedra nie
Aantal landbouprojekte gefasiliteer en geïmplementeer vir landboubegunstigdes deur staatsbefondsing	146*	83*	142	59	Vraaggedrewe teiken. Meer versoeke ontvang as verwag.

*= Teikens is vraaggedrewe en die uitsette is nie binne Casidra se sfeer van invloed nie.

SLEUTELPRESTASIE AANWYSERS,
BEPLANDE TEIKENS EN WERKLIKE PRESTASIES

Subprogram 2.1: Bestuur van Regeringsplase

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal individuele Plaasplanne ontwikkel vir staatsplase	3	3	3	2	3	1	Anhant-plaas nog nie oorgedra nie, Casidra moet 'n begroting opstel en bestuur steeds die plaas
Aantal plase se finansiële state en kontantvloeië beramings geskep	36	36	36	24	24	-	
Aantal maandelikse terreinbesoeke vir monitering en evaluering van projekte	34	33	20	20	22	2	Weens die droogte was meer besoeke nodig.
Aantal maandelikse bestuurs- en personeelvergaderings op die perseel	33	33	20	20	22	2	Plaasbestuurders het 'n behoefte aan meer kontak gehad.

Subprogram 2.2: Ondersteuning en Ontwikkeling van Landbouers

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal KPTK-projekte in huidige jaar bygestaan met fisiese infrastruktuur	51	46*	64	25*	37	-12	Vraaggedrewe teiken
Persentasie projekte wat nie voltooiingsdatum binne raamwerk van drie maande oorskry nie, gemeet teen basislyn projekplan	60%	(82/180) 45.56%	47.74%	(324/541) 60%	37.03%	- 22.97%	Die droogte en tekortkoming in die beplanning van goedgekeurde projekte het die implementering belemmer

Subprogram 2.2: Ondersteuning en Ontwikkeling van Landbouers

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal KPTK-projekte in huidige jaar bygestaan met fisiese infrastruktuur	9	9	8	9	9	-	Vraaggedrewe teiken
Persentasie projekte wat nie voltooiingsdatum binne raamwerk van drie maande oorskry nie, gemeet teen basislyn projekplan	4.66	4.52	4.71	4	4.68	0.68	Die droogte en tekortkoming in die beplanning van goedgekeurde projekte het die implementering belemmer
Aantal KPTK-projekte bygestaan met implementering van projekte en/of sekretariële dienste	4	33*	29	15*	38	23	
Minimum gemiddelde kwalitatiewe telling (1-5) deur begunstigdes vir die evaluering van die diens wat deur implementeerder gelewer word	98	36*	31	30*	34	4	Projekbestuurders het hoër tellings ontvang
Aantal besigheidsplanne beoordeel/ ontwikkel en regsinsette deur ETB gelewer	-	36*	43	20*	48	28	Vraaggedrewe teiken
Aantal navrae opgelos (tegniese/finansiële/OIE/ Impakstudies) deur ETB	13	17*	9	8*	22	14	Die geverifieerde ware aantal navrae wat opgelos is, is 34.
Aantal grondhervormingsingrypings bygestaan deur LREAD	4	4	4	4	4	-	Vraaggedrewe teiken. Meer versoeke ontvang as beplan
Aantal landbouprojekte van vorige jare befonds, op 'n multijaarbasis geïmplementeer	36	53	71	50	83	33	Meer projekte voltooi van vorige jare

* Teikens is vraaggedrewe en die uitsette is nie binne **Casidra** se sfeer van invloed nie.

Subprogramme 2.1 Bestuur van Staatsplase

AMALIENSTEIN EN WAAIKRAAL

Amalienstein and Waaikraal word namens die WKDvL bestuur, en beide is tans onvolhoubare plase omdat hulle boerderywerkzaamhede te beperk is (weens befondsingsbeperkings) om die oorhoofse kostes van die plase te dra. Dit is veral waar vir Amalienstein wat uitgebreide gebou en infrastruktuur het. Dit is vererger deur die feit dat die plase, omdat dit deur die regering befonds word, nie BTW op insette kan terugeis nie. BTW word op meeste insette gehef, maar nie op inkomste nie (saad, lusern en melk). Diefstal en vandalisme het ook 'n impak op hierdie plase se finansiële prestasies, nie net oor die vervangingskoste van gesteelde en gevandaliseerde items nie, maar ook die kostes om wagte gedurende die nagte en oor naweke aan te stel. Die droogte wat sedert 2017/18 deur beide plase ondervind was, het verdere stremming op die plase se volhoubaarheid geplaas.

Die plase ontvang jaarlikse befonding (Amalienstein R2 103 151 plus R1 400 000 droogtebefonding en Waaikraal R1 730 849 vir 2018/19) vanaf die regering, maar oor die jare was dit onvoldoende vir die vervanging van kapitaalbates, wat nog te sê nuwe ondernemings met die huidige droogte wat dinge nog moeiliker maak.

Die opdatering van die waterverslag vir die Amaliensteinarea en opstel van 'n dokument wat die prosesse en stappe aandui om staatsgrond na 'n gemeenskap oor te dra was voltooi as deel van 'n beoogde hoëvlak-besigheidsplan vir die plaas in die toekoms. Aangesien Waaikraal tans geen ontvangende entiteit het nie, was die Grondhervormingsburo by **Casidra** getaak om gesprekke in hierdie verband te begin.

Arbeidsverhoudinge en werknemerwelstand op die plase word met personeelforums en welstandprogramme wat gevestig is, aangespreek. Die welstandprogramme strek verder as die plase na die gemeenskap met bemagtigingsprogramme, bystand aan leerders met internetfasiliteite en 'n klein biblioteek by Waaikraal. Amalienstein het 'n voltydse Gemeenskapsontwikkelingsbeampte.

Casidra moes opvolgstrategieë vir die Plaasbestuurders in plek stel. Die risiko van bedankings word aangespreek deur assistente in diens te neem en op te lei. Deur nie in staat te wees om aan hierdie posbekleërs permanente poste aan te bied nie, is 'n uitdaging. Die landbouwerkzaamhede by Amalienstein is te klein vir 'n Assistentbestuurder, maar 'n Toesighouer was aangestel wat opgelei was om hom toe te rus om die basiese funksies van die Plaasbestuurder oor te neem, indien nodig. Ongelukkig het die posbekleër bedank. Weens die finansiële posisie van die plaas as gevolg van die droogte, was daar besluit om hom nie te vervang nie.

AMALIENSTEIN

Amalienstein boer met melkkoeie, lusern, weiding en groentesaad, en het 'n gastehuis en plaasstal. Laasgenoemde was aan 'n privaat-entrepreneur van die gemeenskap verhuur, maar sy het besluit om uit die kontrak te onttrek. 'n Geskikte vervanger kon nog nie gevind word nie.

Die volgende **Casidra**-personeel is in diens van die plaas: 'n Plaasbestuurder en 13 werknemers op vastermynkontrakte wat tot 31 Maart 2020 verleng is ('n Administratiewe Klerk, 'n Gemeenskapsontwikkelingsfasiliteerder, 3 Melkerywerkers en 7 Algemene Werkers vir besproeiing en 1 tuinier). Vier mense was op 'n deeltydse basis as Nagwagte en Naweekmelkers aangestel. 12 Staatsdienswerknemers was by Amalienstein aangestel.

Tot 35 seisoenale werkers was aangestel vir uieproduksie, die karweiding van lusernbalie en algemene werk.

Gemiddeld 95 koeie was per dag in melk, wat minder as die begrote 120 is. Dit was weens die verkoop van soveel problematiese koeie as moontlik om druk op die weivelde te

verminder, asook omdat baie koeie langer neem om dragtig te word as gevolg van die droogte. Dit sal lei tot 'n hoër aantal koeie in melk in 2019. Die produksie per koei per dag was 18.7 liter, wat meer as die begrote 18 liter is. Dit is minder as die begrote koeie en die aankoop van addisionele voer het 'n swaar impak op die melkery se inkomste gehad. Die marge vir die jaar was negatief.

Vrektes onder suipkalwers was 0%, wat minder as die begrote 10% is. Daar was 10 vrektes onder ouer diere, wat laer is as die begrote 11.

Groentesaadproduksie was in 2013 by Amalienstein bekendgestel. Daar moet in ag geneem word dat die plaas nie drupbesproeiing het nie en 'n besproeiingstelsel moes improviseer van ou mikrospreiers wat in die boorde gebruik was. Die resultate is dus tot sover prysenswaardig. Uiesaadbolle (1.92 ha) was in 2018 op kontrak met Klein Karoosaad gevestig en in Desember 2018 geoes. Amalienstein het 3 780 kg saad geoes (1 968 kg per hektaar), wat die begrote 800 kg ver oortref het en 'n rekord vir die plaas is. Die ontkieming van die saad was meer as 90% en die verwagte inkomste sal meer as R400 000 wees. Ten spyte van sekere uitdagings, het die saadproduksie talle werksgeleenthede in die arm gemeenskap geskep.

Die droogte sedert 2017 het 'n swaar impak op die plaas te uitgawes gehad, aangesien voer aangekoop moes word om die weivelde te vervang wat die besproei kon word nie. Op 25 Desember 2018 het Zoar se water opgeraak en Amalienstein het op 'n daaglikse basis drinkwater aan die dorp voorsien. In Januarie 2019 het die damvlak geval tot minder as 10% en besproeiing was verder beperk en uiteindelik gestaak. Daar was reënval in 2019 en Zoar was in staat om weer water van hulle eie dam te kry, maar dit het slegs die Amalienstein-dam gestabiliseer en nie die tekort aan besproeiingswater verander nie. Weens die gebrek aan besproeiingswater produseer weidings nie en voer moes aangekoop word, wat daartoe gelei het dat die plaas se fondse in Maart 2019 uitgeput was.

Die WKDvL het koopbewyse vir R1.313 miljoen goedgekeur om voer onder die Droogtehuiskema te koop, met die eerste koopbewys wat op 28 Maart 2019 uitgereik is.

WAAIKRAAL

Waaikraal produseer beeste, lusern, groentesaad en essensiële olies. Implemente/meganisasie van opkomende boere rondom Waaikraal word vanaf die regering meganisasiesentrum bedien, en Waaikraal maak ook teen 'n vasgestelde tarief gebruik van die trekkers en implemente.

Die volgende **Casidra**-personeel is in diens van die plaas: 'n Projekbestuurder en 14 personeellede ('n Produksie-assistent, Klerk, Toesighouer en 11 Algemene Werkers) wie se kontrakte tot 31 Maart 2020 strek. Tot 10 tydelike of seisoenale werkers was aangestel vir die oes van die uiesaad en karweiding van lusernbalie. Daar is slegs een staatswerknemer op die plaas.

Die plaas ondervind steeds 'n knellende droogte wat in 2016 begin het. Die hofbron van besproeiingswater vir Waaikraal, die Stopdrifdam, het vroeg in 2017 opgedroog. Die kwota vanuit die dam was vir slegs die tweede keer in 22 jaar tot 0% verlaag en alle besproeiing moes gestaak word, behalwe vir die water wat in die plaas se bergingsdam gehou was en min water wat in 2018 ontvang was, maar dit was slegs voldoende om die uiesaad te oes in 2017 en 2018 deur te dra en in 2018 bietjie hawer en tef aan te plant. Die 5.5 ha Roosmaryn vir essensiële olieproduksie was bloot aan die lewe gehou en het in 2018 geen produksie gelewer nie, wat 'n verlies aan inkomste van ongeveer R148 500 tot gevolg gehad het.

Geen tamaties kon in 2017 en 2018 gevestig word nie, en gevolglik was tot 100 seisoenale werkers nie in diens geneem nie. Die verlies aan inkomste beloop ongeveer R675 000 per jaar.

Vroeg in 2019 het die plaas geen water gehad nie en kon nie eers uie vestig nie. Die droogte het 'n geweldige druk op finansies geplaas. Die droogtehelp wat in 2017 ontvang was het maatreëls ingesluit om die impak van toekomstige droogtes te verminder, insluitend die boor vir water, wat in 2019 gedoen was. Daar was besluit om nie personeel af te lê nie.

Die beeskudde moes in 2017 verminder word en kalwers was op 'n vroeër as ideale ouderdom verkoop wat tot 'n laer inkomste per dier gelei het. In Maart 2019 was daar besluit om die hele kudde te verkoop en om die inkomste te gebruik om koeie te koop wanneer die droogte verby is. Dit is in ooreenstemming met die besluit om die Nguni-beeste met 'n ander ras te vervang omdat laer pryse per kilogram vir die Nguni's gekry word.

Besproeiing was op al die lusernlande gestaak teen die einde van 2016 en gevolglik was daar bykans geen produksie sedertdien nie. Die 56 hektaar vloedlusern het in 2018/19 slegs 2 ton geproduseer teenoor 'n begroting van 282 ton. Lusern op die 22 hektaar spilgrond was gestaak. Wanneer 'n bietjie water ontvang was, was hawer en tef gevestig, wat 150 ton (6.8 ton per ha) geproduseer het. Van die hawer en tef was as voer gebruik vir die beeste, weens 'n tekort aan voer en meeste was verkoop. Die verlies aan inkomste vir die lusern, weens die inkomste van die hawer en tef wat verdiskonteer was, beloop R1 573 782 vir 2018/19.

Die uiesaad was in Desember 2018 geoes en in Januarie 2019 aan die koper gelew. Die finale gewig van die skoongemaakte saad was 379.35 kg (190 kg per hektaar), wat baie minder as die begrote 300 kg per hektaar is, en is as gevolg van die vroulike plante wat baie minder as die vorige jaar was (op advies van die kliënt). Die inkomste was R152 108, baie minder as die begroting van R234 000 en die prys per kilogram was hoër as wat begroot was.

ANHALT

Anhalt produseer appels en pere, en gebruik en bestuur die Haarlem-pakhuis, wat die eiendom van die Departement van Openbare Werke en Vervoer is, vir die verpakking van die plaas se vrugte. Die plaas is winsgewend en slaag daarin om op 'n kontantbasis te boer.

Sedert September 2018 het die plaas sy eie personeel, behalwe vir een personeellid wat op 1 Maart 2019 net van **Casidra** na Anhalt (Edms) Bpk oorgeplaas was.

Die boorde in produksie bestaan uit 58.57 hektaar appels en 6.93 hektaar pere. Boorde wat nog nie in produksie is nie beslaan 10.27 hektaar. Die hervestiging van boorde vereis 'n groot kapitale belegging en is dus 'n stadige proses, maar die plaas het daarin geslaag om deel van die Werkfondsiniëtiëf van Hortgro te word om 14.15 ha nuwe kultivars te vestig.

Die 2019 oes het in Januarie 2019 begin en sal teen Junie 2019 voltooi wees. Die vooruitsigte is goed, maar daar word getwyfel of die rekordoes van 2018 oortref sal word. Wat die 2018 oes aanbetref, kan die volgende gerapporteer word.

Beide die 2018 opbrengs van 9 110 houe en die opbrengs per hektaar van 50.71 ton was die hoogste ooit (vorige jaar 38.47 ton/ha). Die rekordopbrengs kan gedeeltelik toegeskryf word aan die sogenaamde afjaartendens, aangesien die vorige jaar 'n lae opbrengs gehad het, maar moontlik hoofsaaklik weens goeie bestuurspraktyke en tegniese insette wat oor die afgelope paar jaar gelew is.


Die uitvoerpersentasie van 45.42% was nie die hoogste wat ooit behaal was nie, maar is bo die lopende gemiddelde van vyf jaar. Daar is 'n welkome ommekeer van die afwaartse tendens van die afgelope drie jaar. Gegewe die hoë opbrengs, was die totale uitvoer onder die hoogste wat ooit behaal was. Dit, tesame met die verhoging in uitvoerpryse, het tot die dramatiese verhoging in inkomste gelei.

Die plaashekinkomste was R20 588 639 teenoor die begroting van R13 235 359. Die 2018-inkomste het met 100% verhoog vanaf 2017 en was die hoogste inkomste ooit, met die vorige hoogste van R14 488 218.

Uitvoer het 74.5% van die inkomste bygedra, maar slegs 45.4% van die volume, wat die belangrikheid van soveel moontlike uitvoer beklemtoon. Dit is weens die gemiddelde inkomste per kilogram vir uitvoer wat R10.07 is en vir plaaslike vrugte R5.10 en vir sapvrugte R1.17. Die uitvoerprys was 16% hoër as die vorige jaar en die plaaslike prys minder as 1% hoër.

Subprogram 2.2 Ondersteuning en Ontwikkeling van Boere

Die kwaliteitsmeting van begunstigdes vir die projekbestuurdien van **Casidra** dui op 'n kliënteteverdenheid van 4.68. Die tydige voltooiing van die dienslewering is egter baie negatief beïnvloed deur die administratiewe en voldoeningsprosedures wat buite ons beheer is. Die werkslading van projekbestuurders het ook 'n impak op die spoed van lewering. Slegs 41% van projekte kon binne die afgespreekte tydrame wat gedurende projekbeplanning gestel was, voltooi word.



STRATEGIE OM GEBIEDE VAN ONDERPRESTASIE TE OORKOM

Geen.

VERANDERING AAN BEPLANDE TEIKENS

Geen.

KOPPEL PRESTASIE MET BEGROTINGS

Program	2017/2018			2018/2019		
	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding
	R	R	R	R	R	R
Landbou en Grondher- vorming	8 891 627	8 632 738	258 889	9 418 000	9 430 828	(12 828)
TOTAAL	8 891 627	8 632 738	258 889	9 418 000	9 430 828	(12 828)

= Die program se prestasie was in lyn met die begrote finansiële hulpbronne.

DOEL

Om 'n projekbestuursdiens te lewer vir spesifieke landelike ontwikkelingsprojekte en landbou-inisiatiewe om die lewenstandaard van die mense in die landelike gebiede te verhoog, om die sosioekonomiese behoeftes van landelike gemeenskappe as geheel aan te spreek en om werk te skep in landelike gebiede.

SUBPROGRAMME

- 3.1: Infrastruktuur Ontwikkelingsdienste
- 3.2: Gemeenskap en Huishoudelike Voedselsekureit
- 3.3: Ander Projekbestuursdienste

LYS VAN STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Strategiese Doelwit 1	Bied 'n projekbestuursdiens ten opsigte van landelike landbou-infrastruktuur programme en inisiatiewe (SD 1 en 3)
Doelwitstelling	Om 'n projekbestuur-, en fasiliteringsdiens te lewer om landelike ontwikkelingsprojekte in die bepaalde CRDP-nodes te bevorder, sowel as geïdentifiseerde gebiede buite hierdie nodes.
Basislyn	Die CRDP-program het eers in 2010 begin en beskik nog nie oor 'n prestasie-rekord wat 'n tendens kan aandui nie. Nuwe befondsing vanaf die Nasionale Regering vir bepaalde areas, is aan die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming toegeken, of hertoegekende prioriteite binne Departementele begrotings. Die Landbouverwerkingsbedryf was elke jaar in lae getalle ondersteun.
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwitte 1 en 3
Strategiese Doelwit 2	Help kwesbare gemeenskappe en huishoudings om hul eie kos te produseer (SD 2, 3)
Doelwitstelling	Om behoeftes te identifiseer, oplossings te ondersteun en dienste en goedere te verkry om gemeenskappe in verkose streke van die Wes-Kaap te help om hulle eie voedsel binne die seisoenale vereistes van groente te produseer, deur tuine op die been te bring en te kweek.
Basislyn	Gedurende voorafgaande jare, het die teiken vir tuine stadig tot 2 000 vermeerder, maar weens befondsingstekorte fluktueer dit baie. Daar word verwag dat dit rondom 1 500 tot 1 800 per jaar sal stabiliseer. Met bykomende befondsing wat aan die einde van elke jaar beskikbaar gestel word vanuit besparings in ander programme, kan hierdie teikens verhoog. Soos met ander landbouprojekte, sal seisoenaliteit en die tydige beskikbaarheid van fondse tot gevolg hê dat projekte na die volgende boekjaar oorgedra word. Hierdie syfer het dramatiese verskil van om en by 900 tot 500 tot 839 as gevolg van 'n gesamentlike poging sedert 2015 om die goedkeuring en leweringsproses te bespoedig, maar oorvloed van die afhandeling van lewering in die volgende jaar kan nie vermy word nie. Met byna alle vorige jare se huishoudings voltooi en alle huishoudings wat in hierdie jaar begin is, laat dit slegs die voortgesette ondersteuning vir produksie-items oor totdat die projekte afgehandel is. Die gemeenskapstuine was ongeveer 110 per jaar, maar 'n vermindering was verwag weens minder befondsing wat beskikbaar is. Die prestasie vir 2016/17 was 88 en 72 in 2017.
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwit 2 en 3

LYS VAN STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Strategiese Doelwit 3	Bied 'n projekbestuursdiens ter ondersteuning van landbou-infrastruktuur programme en inisiatiewe (SD 1, 2, 3, 5)
Doelwitstelling	Om te reageer op versoeke van nuwe en bestaande kliënte om projekte te bestuur, administreer en dienste te bekom vir die geïdentifiseerde projekte, wat gemik is op landboubegunstigdes van die Wes-Kaap.
Basislyn	<p>'n Groot deel van projekbestuursdienste van die afgelope drie jaar was gegrond op die administrasie van Ramphulp-subsidiebefondsing. Die voorkoms hiervan kan nie voorspel word nie en sal geadministreer word soos en wanneer dit gebeur. Die Rampbefondsing vir Vloede van 2011 en 2013 van ongeveer R266 miljoen sal tot laat in 2019 geïmplementeer word, aangesien dit groot siviele ingenieurswerke met omgewingsimpakgoedkeuring vereis. Die droogtes van 2015 en weer in 2017 het tot gevolg gehad en sal verder daartoe lei dat addisionele befondsing vir hierdie doel beskikbaar gestel word. Gedurende 2017 was 'n totaal van R94 miljoen vir hierdie doel toegeken.</p> <p>Spesiale projekte van die WKDvL wat nie in verhouding tot 'n spesifieke kommoditeit staan nie, maar 'n diens oor die algemeen lewer, word deur die Departementele Projektoekenningskomitee (DPAC) goedgekeur. Hierdie projekte is almal aan die lewerbares vir die subprogram gekoppel.</p> <p>Verdere Onderrig en Opleiding werk baie nou saam met die WKDvL om op die bereiking van die Departementele Strategiese Doelwitte, Nasionale Uitkomst en Provinsiale Strategiese Doelwitte te reageer. Hierdie program het ongeveer R9 miljoen per jaar ontvang. Die program moet beroepsopleiding insluit wat duurder is en klein groepe teiken. Verwagtings vir befondsing in die driejaarsiklus is soortgelyk.</p> <p>Gedurende die vorige termyn is programme wat 'n noue verband met die Boerondersteuningsprogram van die WKDvL het, met die Departement van Water en Sanitasie, die Departement van Omgewingsake en die Breede-Gouritz Wateropvangsbestuuragentskap gekontrakteer. Hierdie programme sal in die volgende termyn verdere oordragte van befondsing voortsit, en die moontlikhede om die bystand uit te brei, word goed ontvang. 'n Driejaarsooreenkoms vir die Reënwater-Oesprogram is onderteken. CapeNature ontvang bystand met projekbestuur vir nuwe toerisme-ontwikkelings op hul natuureservate.</p> <p>Sedert 2013 was projekbestuur van die LandCare-program met die WKDvL gekontrakteer. Dit het nog projekte ter waarde van R9 miljoen onder Casidra se bestuur bygevoeg.</p> <p>Die program sluit beide infrastruktuurskepping in, hoofsaaklik omheining en rivierbeskermingswerke, asook werkskeppingstipe projekte soos skoonmaak van uitheemse plantegroei. Hierdie inisiatief sal gedurende die volgende termyn voortduur, maar die omvang daarvan word op 50 projekte geskat en sal op 'n vraagedrewebasis funksioneer.</p>
Regverdiging en Skakels	Strategiese Doelwit 1,2, 3 en 5

STRATEGIESE DOELWIT JAARLIKSE TEIKENS VIR 2017/18

Program 3: Landelike Infrastruktuurontwikkeling en Armoedeverligting

Strategiese Doelwit	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal Projekbestuursdienste voorsien om te reageer op Landelike Landbou-ontwikkelingsprogramme en -inisiatiewe, bv. CRDP, ens.	3	2*	0	-2	Geen nuwe aansoeke ontvang nie en ouer projekte nie voltooi nie
Aantal Gemeenskap- en Huishoudelike Voedselsekerheids-projekte ondersteun	1 778	1 478*	1 657	179	Meer projekte van ouer jare was voltooi as as beplan
Aantal Ander Projekbestuursdienste	124*	105*	100*	-5	Projekte was later voltooi as beplan weens probleme met verkoop van biomassa

*= Teikens is vraagedrewe en die uitsette is nie binne **Casidra** se sfeer van invloed nie.

Subprogram 3.1: Infrastruktuur Ontwikkelingsdienste

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal Projekbestuursdienste voorsien om te reageer op Landelike Landbou-ontwikkelingsprogramme en -inisiatiewe, bv. CRDP, ens.	-	-	3	1*	0	-1	Geen nuwe aansoeke ontvang nie en ouer projekte nie voltooi nie
Aantal projekte befonds vanaf vorige jare, geïmplementeer op 'n multijaarbasis	-	-	-	1*	0	-1	Ouer projekte nog nie voltooi nie

Subprogram 3.2: Gemeenskap- en Huishoudingvoedselsekuriteit

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal projekte vir gemeenskapvoedselsekuriteit in huidige jaar gelewer	121	88	72	68*	63	-5	Implementering was deur droogte gedemp
Aantal projekte vir huishoudelike voedselsekuriteit in huidige jaar gelewer	1 227	1 056*	875	810*	867	57	Implementering van watertenke was meer
Aantal veldtogte vir voedselsekuriteit ondersteun	1	1	1	1	1	-	
Aantal kwartaallike vorderingsverslae oor alle projekte en kommoditeite	4	4	4	4	4	-	
Aantal projekte vir gemeenskaps- en huishoudelike voedselsekuriteit op 'n multijaarbasis geïmplementeer	1 077	942	839	600	727	127	Befondsing was ontvang

*= Teikens is vraagedrewe en die uitsette is nie binne Casidra se sfeer van invloed nie.

Subprogram 3.3: Ander Projekbestuursdienste

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Waarde van rampbefondsing-ondersteuning aan boere per MvO opdrag	R58.15M	R53.607M*	R108.939M	R80M*	R167.510M	R79.832M	Weens droogte en brande was meer geld beskikbaar gemaak vir rampprojekte

Subprogram 3.3: Ander Projekbestuursdienste

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2014/2015	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Beplande Teiken 2017/2018	Werklike Prestasie 2017/2018	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2017/2018	Kommentaar op Afwykings
Aantal projekte befonds van vorige jare, wat op 'n multijaar-basis geïmplementeer was	102	22	54	34	29	-5	Befondsing is nog nie ontvang nie
Aantal nuwe projekte in huidige jaar geïmplementeer	69	57*	70	60*	71	11	Meer befondsing was ontvang
Aantal boere opgelei in geakkrediteerde kursusse wat gefasiliteer was	2 378	2 830*	4 138	2 400*	1 490	-910	Opleiding is vraagedrewe vanaf WKDvL
Aantal boere opgelei in nie-geakkrediteerde programme wat gefasiliteer was	3 586	2 833*	3 745	2 500*	2 140	-360	Opleiding is vraagedrewe vanaf WKDvL
* = Teikens is vraagedrewe en die uitsette is nie binne Casidra se sfeer van invloed nie.							

PROGRAMPRESTASIE

Subprogram 3.1: Infrastruktuurontwikkelingsdienste

Hierdie subprogram se lewerbare is geskep in afwagting van 'n belangrike strategiese inisiatief om landbou-verwerkings-inisiatiewe te ondersteun en ook die CRDP-boereproduksie-ondersteuningsentrums te ondersteun.

Hierdie verwagte aanvraag het nog nooit weggespring in die getalle wat voorspel was nie en gedurende die jaar was twee landboubesighede ondersteun, maar nog nie voltooi nie. Die meeste van hierdie aansoeke om befondingsondersteuning is vasgevang in wetlike en regulerende vereistes wat vordering verhoed.

Subprogram 3.2: Gemeenskap- en Huishoudelike Voedelsekerheid

Befondsing van R14.65 miljoen was ontvang om kwesbare gemeenskappe en huishoudings te help met die middele om hul eie kos te produseer. Die toegekende befondsing was beskikbaar gestel om 64 gemeenskapstuine en 867 huishoudelike tuine aan te lê. 'n Tekort aan toegekende befondsing het implementering vroeër in die jaar belemmer en teen jaareinde het R9.3 miljoen van ander hulpbronne beskikbaar geword. Die impak van die droogte het steeds 'n impak op die dienslewingskedule en slegs gryswater kon vir eksterne hulpbronne gebruik word.

Gefinansier van die vorige jaar se toegekende fondse, was implementering vir 651 huishoudelike tuine en 76 gemeenskapstuine voltooi. Hierdie tuine word beplan en toegerus in samewerking met die ander regeringsrolspelers in die bedryf wat befondsing vir tuine beskikbaar gestel het. Onder Subprogram 3.3 se rapportering, is die finansiële bydrae van R3 miljoen vir 375 reënwater-oesstelsels vanaf die BGCMA aangedui, maar die Departement van Gesondheid en die Onderwysdepartement, asook die plaaslike munisipaliteite, maak deel uit van die koördinerende en toekenning van huishoudelike tuine.

'n Baie suksesvolle Wêreldvoedseldag was in Oktober 2018 in Brandwacht gehou.

Ter ondersteuning van voedselsekerheid stedelike tuine, was twee projekte ter waarde van R3.438 miljoen ondersteun. Hierdie projekte word op 'n grondslag van groepeerdeelname bedryf en bygestaan met produksie-advies en bemerking van die produkte. Hulle word bedryf as Buurtplase in twee verskillende liggings.

Subprogram 3.3: Ander Projekbestuursdienste

Hierdie Subprogramlewerbare vir Rampbestuur is by die Korporatiewe Plan van 2018/19 gevoeg as 'n teiken van R80 miljoen besteding per jaar. Die fondse vir die Vloedrampbestuur wat **Casidra** gedurende 2014 en 2015 ontvang het, was met R17.483 miljoen versterk en word nog steeds geïmplementeer. Dit behels groot siviele ingenieurswerke vir die stabilisering van die rivieroewers en lang konstruksieskedules. R19.719 miljoen van die oorblywende fondstoekenning van R87 miljoen befondsing was in die 2018/19 boekjaar gespandeer en byna al die fondse is aan projekte toegeken.

Die droogte van die vorige drie jaar in die Swartland-/Weskus- en Sentraal-Karoogebiede het gelei tot die hertoewysing van befondsing binne die WKDvL om boere in nood te help, en R213.063 miljoen was gedurende 2018/19 beskikbaar gestel. Hieruit, is 'n bedrag van die vorige jaar van R14.830 miljoen het tot op datum R166.261 miljoen uitbetaal, met R134.267 miljoen in die jaar spandeer.

Aan die einde van die jaar, was befondsing ter waarde van R11.305 miljoen beskikbaar gestel vir bystand met die brandgeteisterde gebiede in die Tuinroete. Besteding uit daardie befondsing het slegs in 2019 begin.

Die LandCare-projek is daarop gemik om volhoubaarheid van grond- en waterbestuur te herstel in beide landelike en stedelike areas. Dit behels geïntegreerde volhoubare natuurlike hulpbronnebestuur waar primêre oorsake van natuurlike hulpbronne se afname herken en aangespreek word.

Dit, insluitend die Departementele Projekte vir Billike Deel (EPBD) en UOWP, is binne die WKDvL se Volhoubare Hulpbronnebestuur Afdeling en deel dieselfe doelwitte. Hierdie projekte word gerapporteer onder die Multijaarprogramme waar multijare se rapportering gelyktydig gedoen word.

Vir die LandCare 2018 gekombineerde befondsingsbron, was 50 projekte beplan met 'n begrotingstoekenning van R10.68 miljoen vir implementering deur die verskeie Wes-Kaapse Distriksmunisipaliteite. Van die totale begroting wat oorgeplaas is, was R8.52 miljoen teen die einde van die verslagjaar gespandeer. 'n Addisionele R712 830 was onder die Groenekonomie oorgedra vir verdere aksies wat die prosessering van lewensvatbaarheid van biomassa sal bevorder, wat uit die skoonmaakwerk in die Bergrivier voortspruit. Soos wat die vorige navorsings- en besigheidsplanne aangedui het, dat houtskoolproduksie 'n lewensvatbare alternatief is, was vergaderings met die belangrikste verspreider van houtskool in die Wes-Kaap gehou. Die verspreider het aangedui dat die gehalte van die houtskool vanuit uitheemse plante onaanvaarbaar is. 'n Toets was uitgevoer met hout vanaf die Bergrivierwerksaamhede en na 'n kommersiële fabriek in KwaZulu Natal gestuur. Toetse was ook deur Universiteit Stellenbosch gedoen en daar was gevind dat die houtskool beter was as enige van die ander kommersiële produkte wat in die Wes-Kaap verkoop word. Verdere bemarkingsinisiatiewe word onderneem. 'n Oproep om belangstelling was ook geadverteer vir die ondersteuning van verwerkingsondernemings, ten einde meer bemarkbare produkte uit die uitheemse hout te verkry. Die tender was nog nie toegeken nie en sal beoordeel word.

Een (1) LandCare- en vyf (5) EPBD-projekte wat voorheen befonds was, was gedurende hierdie finansiële boekjaar ten volle geïmplementeer en gefinaliseer. Die uitheemse skoonmaakinisiatiewe ter waarde van R3.5 miljoen was ook voltooi. Die Drakenstein Munisipaliteit het befondsing ontvang om 'n diensverskaffer aan te stel om die Bergrivier-verbeteringsprojek te implementeer. **Casidra** was aangestel om die projek in Julie 2018 te implementeer, wat die verwydering van uitheemse plantegroei behels langs die Bergrivier binne die Arboretum. Die projek se begroting is R586 487 en 58% van die befondsing was teen die einde van die 2018/19 finansiële boekjaar bestee. Nader aan die einde van die 2017/18 finansiële boekjaar, was R5 miljoen beskikbaar gestel vir die boor van boorgate in die droogtegeteisterde Weskusgebiede. Baie ander gebiede kon nie met boorgate gehelp word nie, weens die swak kwaliteit van artesiële akwiferwater (vasgevangde water omring deur lae ondeurdringbare rots of klei wat positiewe druk uitoefen op die water in die akwifer) en fondse was beskikbaar gestel vir aansoek vanaf die ander droogtegeteisterde gebiede.

Die langverwagte grootskaalse Ebenhaezer-besproeiingskema wat deur die DLOG befonds word, was bemoeilik deur konstante beroepe wat teen die toekenning gedoen was. Die werk was aanvanklik in 2018 begin en die gesamentlike projekte kon

voortgaan. Die professionele fooie verwant tot die projek van die DLOG word deur die WKDvL betaal. Vanuit die vorige boekjaar, was R10 miljoen toegeken om die fase 2 diep skuur grondvoorbereiding te doen en die lande was met gort beplant vir beskerming teen die wind- en stofbesoedeling in die dorp. R10 miljoen se addisionele befondsing was deur die WKDvL beskikbaar gestel vir die besproeiingsontwikkeling vir binneveldeboerdery. Beplannings en ontwerpe het begin, maar kon nie teen jaareind geïmplementeer word nie. Verdere grondontledings was gedoen om die geskiktheid van besproeiing vir die laerliggende gebiede te bepaal.


Die Regering se Meganisasieprojek, wat die bestuur van die 72 trekkervloot insluit, duur voort en ontvang befondsing vanaf die WKDvL vir onderhoud en lisensiering. Die toerusting word ook nou ouer en herstelkoste styg. Party toerusting word baie gebruik, veral in die graanproduserende gebiede, terwyl ander gebiede wat meer op voedselsekerheid gerig is baie min gebruik daarvoor het of die diens is te duur.

Die Landboueropleidingsprogram van die WKDvL word op 'n vraaggedrewe grondslag gefasiliteer met geakkrediteerde en ongeakkrediteerde kursusse. Die behoefte aan geakkrediteerde kursusse was steeds baie laag en 62% van die teiken vir die jaar kon bereik word. Meeste boere is huiwerig om langertermyn verantwoordelikhede en studies aan te pak en verkies die kortkursusse wat geen uitkomstgebaseerde evaluering het nie. Die teiken vir ongeakkrediteerde kursusse is ook onderpresteer met 85% prestasie. Die teiken is baie moeilik om te voorspel, aangesien opleidingsbehoefte verskil en afhang van die hoeveelheid nuwe toetreders tot die toelaagbefondsing-ondersteuningstelsel.

'n Nuwe projek was met die DOS&OP gekontrakteer vir die lootsfase van die Sandveld Omgewingsbestuurraamwerk. In samewerking met die landboubedryf in die Sandveld, sal Plaasvlakbestuursplanne vir individuele boere opgestel word, ten einde die omgewingsoortredings reg te stel ten gunste van die inkoop van boere in die OBR (EMF) en die identifisering en bewaring van buffersones en bewaringsgebiede van die biosfeer wat ernstig bedreig word. Verskeie regsaspekte en agterdog onder die boere word ervaar.

Die werk wat vir die DOS onder die 2017 Werk vir Waterprojek in die Bergrivier gedoen was, was gedurende die jaar afgesluit. 'n Nuwe tender as Implementeringsagent vir die volgende drie jaar was in 2017 ingedien en eers laat in 2018 toegeken. Beplanning vir die projekte was gedoen, maar geen werk kon begin nie. **Casidra** was vir ongeveer R10 miljoen gekontrakteer om gespesialiseerde skoonmaak van uitheemse bome te doen en die instandhouding van daardie areas asook 'n spesiale droogtehelpptoekenning van R52.365 miljoen. Hierdie projek sal uitheemse skoonmaak en waterinfrastruktuurbeskerming doen, asook boere in die Karoo se droogtegebiede help deur hulle plaaswerkers in uitheemse skoonmaakwerke in diens te neem.

PROGRAM 3: ANDER FONDSFONDSE WAT IN 2018/19 TOEGEPASTE WORD



STRATEGIE OM GEBIEDE VAN ONDERPRESTASIE TE OORKOM

Geen.

VERANDERING AAN BEPLANDE TEIKENS

Strategiese Doelwit 3.1 was uit die Korporatiewe plan vir 2019 verwyder.

KOPPEL PRESTASIE MET BEGROTINGS

Program	2017/2018			2018/2019		
	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding
	R	R	R	R	R	R
Landelike Infrastruktuurontwikkeling en Armoedeverligting	6 284 560	6 179 744	104 816	6 778 000	6 251 350	526 650
TOTAAL	6 284 560	6 179 744	104 816	6 778 000	6 251 350	526 650

= Die program se prestasie was in lyn met die begrote finansiële hulpbronne.

PROGRAM 4: PLAASLIKE EKONOMIESE EN BESIGHEIDSONTWIKKELING

DOEL

Om besigheidsgroei en werkskepping in landelike gebiede te bevorder deur die aanwending en aanmoediging van beleggings vanuit die privaatsektor, en ondersteuning vir plaaslike ekonomiese en Besigheidsontwikkeling in die algemeen.

SUBPROGRAMME

- 4.1: Plaaswerker Ontwikkeling
- 4.2: Landelike Nodale Ontwikkeling
- 4.3: Ander Projekbestuursdienste

LYS VAN STRATEGIESE UITKOMSGERIGTE DOELWITTE

Strategiese Doelwit 1	Om die beeld en sosio-ekonomiese omstandighede van plaaswerkers en hul families te verbeter deur ontwikkelingsinisiatiewe en lewensvaardigheidopleiding om hul lewensgehalte te verbeter (SD 1, 2, 3, 5, 6)
Doelwitstelling	Fasilitering van ingrypings vir opleidings- en ontwikkelingsprojekte vir landbouwerkers en hulle gesinslede om hulle beeld en sosioekonomiese toestande te verbeter.
Basislyn	Die Wes-Kaap is die tuiste van ongeveer 'n kwart van die landbouwerkers in die land. Dit is 'n aanduiding dat boerdery in die Provinsie redelik meer arbeidsintensief is as in die res van die land. Geografies, is boerderywerkzaamhede in die Wes-Kaapprovinsie baie groot en verskillend, en dus is dit belangrik om landbouwerkers op alle vlakke op te lig en by te staan.
Regverdiging en Skakels	Oor die algemeen is plaaswerkers en hul gesinslede van die hoofstroom- sosiale interaksie geïsoleer, en het nie gereelde toegang tot lewensvaardigheidopleiding nie. Verder, ontbreek hulle in die meeste gevalle aan die bewustheid van die gevare van middelmisbruik en die effek wat dit mag hê op die afbreek van die sosiale struktuur in hul gemeenskappe. Dit is dus noodsaaklik om trots onder plaaswerkers en hul familielede te bou, omrede hulle tot die sukses van die sektor bydra. Verbintenisse met munisipaliteite en ander departemente is van kritieke belang om die geïdentifiseerde landbouwerkerbehoefte aan te spreek. Daarbenewens, is prioriteitkoppeling die belyning van pogings oor regeringsprogramme heen, om 'n beter diens met 'n meer holistiese benadering aan landbouwerkers te bied binne die CRDP-gekeurde landelike gebiede en op plase, gesteun deur alle verskillende programme-inisiatiewe.
Strategiese Doelwit 2	Om die implementering van die Nasionale Omvattende Landelike Ontwikkelingsplan suksesvol te fasiliteer om sosioekonomiese ontwikkeling in die 15 gekose landelike nodes van die Wes-Kaap te verseker (SD 1, 2, 3, 5, 6)
Doelwitstelling	Om holisties die lewensgehalte van gemeenskappe in landelike gebiede te verbeter deur 'n gekoördineerde ontwikkelingsbenadering tussen al drie sferes van regering, landelike gemeenskappe en die privaatsektor.
Basislyn	33% van mense in die Wes-Kaap woon buite die Kaapse metropolitaanse gebied. Navorsing deur huishoudelike profileringsinisiatiewe het getoon dat party plattelandse gemeenskappe werkloosheidskoerse van tot 80% het.
Regverdiging en Skakels	Toenemende werkloosheid weens 'n tekort aan belegging en vaardighede in landelike gebiede lei tot verhoogde armoede en sosioekonomiese probleme. Dit dra ook by tot die vermeerdering in verstedeliking met meer mense wat na stede verhuis om werk te soek, wat geweldige druk op die hulpbronne in stedelike gebiede plaas. Die program is gekoppel aan plaaslike regering, alle provinsiale departemente en die DLOG deur die geïntegreerde, gekoördineerde en ruimtelike geteikende Beplannings- en Leweringswerkgroep, asook die landelike nodusgebaseerde interregeringsbeheerkomitees en gemeenskap-vertegenwoordigerstrukture, soos die Raad van Belanghebbendes.

Strategiese Doelwit 3	Verskaf 'n projekbestuursdiens ten einde ekonomiese ontwikkelingsinisiatiewe in landelike gebiede by te staan (SD 1, 2,3, 5, 6)
Doelwitstelling	Om te reageer op versoeke van nuwe en bestaande kliënte om projekte te bestuur, administreer en dienste te bekom vir die geïdentifiseerde projekte, met die klem op werkskeppingsinisiatiewe.
Basislyn	Vanaf 2013 tot 2015 was die toename in waarde van projekte van R4.2 miljoen tot R35.4 miljoen onder die Subprogram: Ander Projekbestuursdienste. Die skerp toename in die Projekbestuursdienste was vir die Gespesialiseerde projek van Uitheemse Skoonmaak van die Bergrivier se oewersone. Gedurende die 2016/2017 jaar was die projekbefondsing van die Departement van Omgewingsake alleenlik, R6.784 miljoen en in 2017/2018 is dit vermeerder tot R10.338 miljoen. Koöperatiewe projekte is bevorder en tussen entiteite gefasiliteer wat in ooreenstemming met landbou- en omgewingsdoelwitte is, wat tot werkskepping gelei het.
Regverdiging en Skakels	Hierdie projek is gekoppel aan die WKDvL, aangesien dit infrastruktuurprobleme op plase aanspreek, insluitend waterkwaliteit wat boere in die Wes-Kaap benodig. Strategiese vennootskappe en hefboombefondsing tussen die LandCare Departement en munisipaliteite was gevestig.

STRATEGIESE DOELWIT JAARLIKSE TEIKENS VIR 2018/19

Program 4: Plaaslike Ekonomiese en Besigheidsontwikkeling

Strategiese Doelwit	Werklike Prestasie 2017/2018	Bepaalde Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal landbou-ontwikkelings inisiatiewe wat in die Provinsie gefasiliteer is	18	22	0	-22	Geen befondsing was vir hierdie projek ontvang nie
Aantal finansiële en nie- finansiële ondersteuning aan die landelike nodusse	272	80*	13	-67	Program was afgesluit
Aantal projekbestuurs ondersteunings dienste aan ekonomiese ontwikkelingsgebiede	18	16	3	-13	Slegs een kontrak in Desember 2018 onderteken

SLEUTELPRESTASIE AANWYSERS, BEPLANDE TEIKENS EN WERKLIKE PRESTASIES

Subprogram 4.1: Plaaswerkerontwikkeling

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Bepaalde Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal betrokkeheid by Streek Prestige Landboustoekennings in Wes-Kaap	15	15	16	15	0	-15	Geen befondsing was vir hierdie projek ontvang nie.
Aantal landbouwerker opleidings- en ontwikkelingsprojekte befonds	171	129	2	7	0	-7	Geen befondsing was vir hierdie projek ontvang nie.

Subprogram 4.2: Landelike Nodale Ontwikkeling

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal KOS wat administratiewe steun ontvang het	-	16	16	16	2	-14	Program was gestaak
Aantal koöperasies geregistreer	33	42	28	10	4	-6	Program was gestaak
Aantal koöperasies bygestaan om suksesvol toegang tot finansiële ondersteuning te verkry	178	254	224	54	7	-47	Program was gestaak

Subprogram 4.3: Ander Projekbestuursdienste

Prestasie Aanwyser	Werklike Prestasie 2015/2016	Werklike Prestasie 2016/2017	Werklike Prestasie 2017/2018	Beplande Teiken 2018/2019	Werklike Prestasie 2018/2019	Afwyking van beplande teiken tot Werklike Prestasie vir 2018/2019	Kommentaar op Afwykings
Aantal Multijaarprojekte	8	12	18	16	3	-13	Die DOS-kontrak was in die 3de kwartaal onderteken

* Gemees op grond van die aantal verslae wat vir die projekte ingedien was

PROGRAMPRESTASIE

Subprogram 4.1: Plaaswerkerontwikkeling

Die doel van hierdie Subprogram was om die verskeie kwessies verwant tot die welstand en sosioekonomiese toestande van plaaswerkers en hulle gesinne in die plattelandse gebiede aan te spreek. Die plaaswerkers se lot word dikwels nie raakgesien te midde van die verskeie kwessies wat in die landbousektor aandag geniet nie.

Casidra was getaak met die inwinning van diensverskaffers wat opleiding en lewensvaardigheidsprogramme kan aanbied om die plaaswerkers en hulle gesinne se lewenskwaliiteit te verbeter. Daar was nie van **Casidra** verwag om in 2018/2019 verdere implementering van aktiwiteite onder hierdie Subprogram te doen nie.

Die oorblywende befondsing van R1 459 313 was as 'n besparing verklaar deur die Departementele Projektoekenningskomitee (DPAC).

Subprogram 4.2: Kleinsake-ondersteuning

Hierdie Subprogram se hoofokus was om 'n platform vir interregeringsamewerking met gemeenskappe en die privaatsektor te skep, deur 'n gekoördineerde ontwikkelingsbenadering. Die doel was om inisiatiewe te identifiseer en na te volg, om die lewensgehalte van plattelandse gemeenskappe te verbeter.

Casidra was getaak om die gereelde vergadering van die Raad van Belanghebbendes in die verskeie gebiede in die Wes-Kaap te koördineer. Daar was nie van **Casidra** verwag om in 2018/2019 verdere implementering van aktiwiteite onder hierdie Subprogram te doen nie. Die oorblywende befondsing van R847 717 was deur die Departementele Projektoekenningskomitee (DPAC) as 'n besparing verklaar.

Sub-Program 4.3: Ander Projekbestuursdienste

Hierdie Subprogram bied dienste aan nuwe en bestaande kliënte waar die behoefte by die geïdentifiseerde projekte bestaan om dienste te projektebestuur, administreer en verkry, met die klem op werkskeppingsaktiwiteite.

Finansiële Rekordhoudingsprogram (SIMFINI)

Die Program was deur die WKDvL befonds, met die visie om te verseker dat opkomende boere met 'n volledige en akkurate finansiële rekordhoudingstelsel ondersteun word. **Casidra** het die dienste van 'n diensverskaffer verkry om die finansiële rekordhoudingsfunksie te verrig. Vir die 2018/2019 finansiële boekjaar was 'n begroting van R1 289 00 goedgekeur waarvan 52% aan die diensverskaffer betaal was, wat finansiële rekordhoudingsdienste aan 45 boere verskaf.

Marktoegangsprogram

Die Program fasiliteer internasionale en binnelandse marktoegang vir kleinboerentrepreneurs en CASP-begunstigdes binne die Landbousektor. In die 2018/2019 finansiële boekjaar was R6 110 413 aan hierdie Program toegeken. Die fondse was gebruik om die dienste van verskaffers te verkry wat boere oplei, mentor en ondersteun om toegang tot plaaslike en internasionale markte te verkry. Vir blootstelling was reise gereël na Fruit Logistica in Nederland en Berlyn, asook die Food and Hotel China-uitstalling. Infrastruktuurkoste van die Agri Ekspo se Kaasfees was ook befonds.

PROGRAMPRESTASIE

Landelike Ontwikkelingstrategieprojekte

'n Bedrag van R1 000 000 was in die 2017/2018 boekjaar geoormerk vir vyf (5) strategiese projekte om die behoeftes van die plattelandse gemeenskappe (insluitend landbouwerkers en hulle gesinne) aan te spreek, gegrond op die uitkomst van die Huishoudelike Sensus van Plaaswerkers. Hierdie vyf (5) strategiese projekte was gefokus op loopbaangeleentheid.

Mentorskap vir Jong Vrouens in Landelike Gebiede, Maatskaplike Ondersteuning vir Middelmisbruik, Vroeëkindontwikkeling en Tegnieuse Vaardigheidsontwikkeling. Die algehele voltooiing van hierdie projekte staan op 48% teen die einde van die 2018/19 finansiële boekjaar.


Huishoudelike Sensus van Plaaswerkers

Gedurende hierdie finansiële boekjaar het **Casidra** die Huishoudelike Sensus van Plaaswerkers voltooi en was in die proses om die webtoepassingskomponent van hierdie projek te voltooi.

Entrepreneur-Ondersteuningsfonds

Casidra het die nuwe Entrepreneur-ondersteuningsfonds op die been gebring wat daarop gemik is om 400 lenings aan KMME's te versprei. Teen die einde van die finansiële boekjaar was die aantal leningsaansoeke wat goedgekeur en uitbetaal was 47, met 'n totale waarde van R3 028 335.

PROGRAM 4: FONDSE TOEGEPAS IN 2018/19



STRATEGIE OM GEBIEDE VAN ONDERPRESTASIE TE OORKOM

Subprogram 4.3: Ander Projekbestuursdienste

Die Landelike Ontwikkelingstrategieprojekte en Huishoudelike Sensus van Plaaswerkers het nie befondsing in die 2018/2019 finansiële boekjaar ontvang nie. Party van die vorige jaar se aktiwiteite is nog in die implementeringsproses.

Casidra het 'n nuwe ooreenkoms met die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme (DEDAT) onderteken oor die Bestuur van 'n Entrepreneurskap-Ondersteuningsfonds. Implementering van hierdie projek het in Februarie 2019 begin met 47 lenings wat teen die einde van die 2018/2019 finansiële boekjaar goedgekeur en uitbetaal was.

VERANDERING AAN BEPLANDE TEIKENS

Die befondsing vir Subprogramme 4.1: Plaaswerkerontwikkeling en 4.2: Landelike Nodale Ontwikkeling vir die 2018/2019 finansiële boekjaar was deur die WKDvL gestaak. Die teikens wat daarvoor gestel was, kon dus nie bereik word nie.

KOPPEL PRESTASIE MET BEGROTINGS

Program	2017/2018			2018/2019		
	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding	Begroting	Werklike Besteding	(Oor)/ Onder besteding
	R	R	R	R	R	R
Plaaslike Ekonomiese en Besigheidsontwikkeling	3 980 407	3 733 116	247 291	3 943 000	3 483 885	459 115
TOTAAL	3 980 407	3 733 116	247 291	3 943 000	3 483 885	459 115

= Die program se prestasie was in lyn met die begrote finansiële hulpbronne.

INVORDERING

(Nie van toepassing nie)

KAPITALE BELEGGING

(Nie van toepassing nie)

Geen versoeke was ontvang nie.

DEEL C: BESTUUR KORPORATIEWE BESTUURSVERSLAG VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2019

1. INLEIDING

Die Direksie van **Casidra** is verbind tot die beginsels van doeltreffende korporatiewe bestuur en streef na die hoogste standaard van integriteit en etiek. Die Direksie aanvaar dat die Maatskappy met integriteit en volgens algemeen aanvaarde korporatiewe bestuursbeginsels bedryf word.

2. VOLDOENING AAN DIE KING IV VERSLAG

Die Direksie ondersteun die Suid-Afrikaanse Kode van Korporatiewe Praktyke en Gedrag, soos uiteengesit in die King Verslag van Bestuur en die King Kode van Bestuursbeginsels (King IV) en is tevrede dat die Maatskappy in hierdie finansiële boekjaar aan die Suid-Afrikaanse wetgewing en regulasies voldoen het.

Die Direksie se Handves asook die Komitees se Handveste was vir hersiening deur die Raad ter tafel gelê, in voldoening aan die aanbevelings van King IV.

3. RAAD VAN DIREKTEURE

Die Raad van Direkteure is verantwoordelik vir die algehele en doeltreffende beheer van die Maatskappy. Die Raad bestaan uit vyf tot nege onafhanklike nie-uitvoerende direkteure.

Dr Coetzee het op 22 November 2018 uit die Direksie bedank.

Mnr Moos en mnr Jeffhas was onderskeidelike verkies as Voorsitter en Ondervoorsitter tydens 'n Raadsvergadering wat op 22 November 2018 gehou was.

Mnre Abrahams en Wüst was op 5 Februarie 2019 as direkteure aangestel.

Die Voorsitter van die Raad is 'n onafhanklike nie-uitvoerende direkteur kragtens die vereistes van die King IV.

Die nie-uitvoerende direkteure word verkies volgens die Raad se handves en hulle heraanstelling is nie outomaties nie, maar volgens stemming.

Die Raad het ook vier aktiewe komitees waar sekere gespesialiseerde kwessies aangespreek word, naamlik die Oudit- en Risikokomitee, die Nominasiekomitee, die Vergoedingskomitee en die Maatskaplike en Etiekkomitee. Elke komitee het 'n handves en 'n mandaat.

In hierdie finansiële boekjaar het die Raad vier keer vergader en het onder andere gefokus op strategie, monitering van prestasie, bestuur en bedryfs- en kapitaalbegrotings. Ander sake in verband met die algehele Maatskappydoelwitte is ook bespreek en verskeie beleide is goedgekeur.

Die Raad het onbeperkte toegang tot alle Maatskappyinligting, -rekords en -dokumente om dit in staat te stel om sy verantwoordelikhede na te kom.

4. CASIDRA HANDVES

Doel en doelwitte

Die doel van die handves is om te reguleer hoe besigheid gedoen word deur die Raad kragtens die beginsels van goeie bestuur. Die handves sit die bepaalde verantwoordelikhede uiteen wat gesamentlik deur Raadslede uitgevoer moet word asook die individuele rolle wat van hulle verwag word. Die doelwitte van die Handves sluit onder andere in om te verseker dat alle Raadslede wat namens die Maatskappy optree, bewus is van hulle verpligtinge en verantwoordelikhede as Raadslede en die wetgewing en verskeie regulasies wat hulle gedrag beïnvloed, asook om te verseker dat die beginsels van goeie bestuur in al hulle handelinge ten opsigte van en namens die Maatskappy toegepas word.

Rolle en Verantwoordelikhede

- Tree op as die fokuspunt en beskermheer van korporatiewe bestuur deur die bestuur van sy verhouding met die bestuur, die aandeelhouer en ander belanghebbendes van die Maatskappy langs gesonde korporatiewe bestuursbeginsels.
- Lei 'n geïntegreerde benadering tot strategie, risiko, prestasie en volhoubaarheid deur:
 - By te dra tot die bevordering van die strategie;
 - Self te verseker dat die strategie en korporatiewe en sakeplanne nie aanleiding gee tot die risiko's wat nie deeglik deur die bestuur beoordeel is nie;
 - Identifisering van sleutel prestasie en risiko-areas;
 - Te verseker dat die strategie volhoubare uitkomst tot gevolg sal hê, en
 - Die oorweging van volhoubaarheid as 'n besigheidsgeleentheid wat lei tot strategie-formulering.
- Verskaf effektiewe leierskap op 'n etiese grondslag.
- Verseker dat die Maatskappy, 'n verantwoordelike korporatiewe burger is en so gesien word met inagneming van nie net die finansiële aspekte van die besigheid van die Maatskappy nie, maar ook die impak wat die Maatskappy se bedrywighede het op die omgewing en die samelewing waarin dit opereer.
- Verseker dat die Maatskappy se etiek doeltreffend bestuur word.
- Verseker dat die Maatskappy 'n doeltreffende en onafhanklike Oudit en Risiko Komitee het.
- Wees verantwoordelik vir die bestuur van risiko.
- Wees verantwoordelik vir Inligtingstegnologie-bestuur.
- Verseker dat die Maatskappy voldoen aan toepaslike wette.
- Verseker dat daar 'n doeltreffende risiko-gebaseerde interne oudit is.
- Verseker korporatiewe aksie wanneer belanghebbendes se persepsies die Maatskappy se reputasie negatief beïnvloed.
- Verseker die integriteit van die Maatskappy se geïntegreerde Jaarverslag.
- Handel in die beste belang van die Maatskappy deur te verseker dat individuele direkteure:
 - Voldoen aan wetlike gedragsstandaarde;
 - Toegelaat is om onafhanklike advies in verband met hul pligte in te win na aanleiding van 'n ooreengekome prosedure, en
 - Openbaar werklike of vermeende belange botsing aan die Raad en handel daarmee dienooreenkomstig.
- Begin met ondernemingsreddingsverrigtinge so gou as wat die Maatskappy in finansiële nood is.
- Verkies jaarliks 'n voorsitter van die Raad wat 'n onafhanklike nuieuitvoerende direkteur is by die raadsvergadering voor die Algemene Jaarvergadering.
- Stel en verseker die evaluering van die prestasie van die Hoof Uitvoerende Beampte.
- Verseker voldoening aan die bepalinge van die aandeelhouders-ooreenkom.
- Ontwikkel 'n Langtermyn-Strategiese Plan, soos vereis deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur (WOFB).

5. RAADAANSTELLINGS

Nie-uitvoerende Direkteure op **Casidra** se Raad word aangestel ooreenkomstig die Statute van die Maatskappy en heraanstelling is nie outomaties nie.

Een derde van die dienende, nie-uitvoerende, onafhanklike direkteure, of die getal naaste aan een derde, moet in elke ongelike jaar, by die Algemene Jaarvergadering bedank of die pos ontruim.

Die Direkteure wat uittree is diegene wat die langste in diens was sedert die jongste verkiesing, maar waar persone op dieselfde dag direkteure geword het, moet die direkteure onder mekaar besluit wie moet uittree.

Direkteure wat uittree is verkiesbaar vir heraanstelling (soos bepaal deur die statute) by die Algemene Jaarvergadering, op voorwaarde dat indien 'n direkteur die ouderdom van sewentig bereik tydens sy/haar dienstermyn, sodanige persoon nie verkiesbaar is vir heraanstelling nie.

6. BYWONING VAN DIREKSIE VERGADERINGS

Die Raad het vier keer vir beplande vergaderings gedurende die finansiële jaar vergader, en die bywoning was soos volg:

DIREKTEURE	MEI	AUG	NOV	MRT
E Calitz	✓	✓	✓	✓
L Coetzee	✓	✓	✓	✓
EJ Jeffthas	✓	✓	✓	✓
JF Kirsten ¹	-	-	-	✓
GJ Martin	✓	✓	✓	✓
AV Moos	✓	✓	✓	✓
ZT Nackerdien	A	✓	✓	A
GM Ntuli	✓	✓	✓	✓
GA Oliver ²	✓	✓	-	-
JH Roos ³	✓	✓	-	-

Verklaring: ✓ = Bygewoon, **A** = Verskoning aangebied, ¹ = Aangestel Feb 2018, ² = Bedank Augustus 2017, ³ = Afgetree Augustus 2017

7. VERGOEDING VAN DIE RAAD

In ooreenstemming met die bepalings van artikel 28.1.1 van die Tesourieregulasies, uitgereik kragtens die Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999, word alle Direkteure se vergoeding in die finansiële state aangedui. Direkteursvergoeding word jaarliks volgens Nasionale Tesourie se omsendbrief hersien.

8. PRESTASIE-ASSESSERING VAN DIE RAAD

Casidra se Ondervoorsitter was aangestel om die prestasie-beoordeling van die **Casidra** Raad en sy komitees te lei. Die Raad het 'n formele interne evaluasieproses goedgekeur by wyse van 'n self-evalueringsvraelys en die Maatskappysekretaris het bystand gebied. Die resultate van die genoemde self-evalueringsproses was deur die Voorsitter, Hoof- Uitvoerende Beampte en Maatskappysekretaris ontleed. Daar is tans geen kommerwekkende areas nie.

9. AANDELE- HANDELINGS

Die direkteure, bestuurslede en werknemers van die Maatskappy besit nie aandele in die Maatskappy nie.

10. RAADSKOMITEES

Alle Raadskomitees handel volgens 'n geskrewe Raadshandves wat deur die Raad goedgekeur is. Daar is deursigtigheid en volledige openbaarmaking van Raads-komitees aan die Raad. Komitee Voorsitters is beskikbaar om die Raad te voorsien van mondelinge verslae oor onlangse komitee- verrigtinge en -aktiwiteite by die daaropvolgende Raadsvergadering. Die komitees is geregtig om onafhanklike professionele advies in te win indien nodig.

Die Maatskappy Sekretaris verskaf sekretariële dienste aan die onderskeie komitees. Die Raad is van mening dat die Komitees oor die jaar onder oorsig hulle verantwoordelikhede doeltreffend uitgevoer het, soos vervat in hulle onderskeie handveste.

'n Opsomming van die komitees van die Raad en hulle mandate word hieronder uiteengesit.

10.1 OUDIT-EN RISIKOKOMITEE

Samestelling

Die Oudit- en Risikokomitee bestaan uit ten minste drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure wat op die Algemene Jaarvergadering verkies word.

Die lede aan die einde van die finansiële boekjaar was mnr WU Abrahams, Prof. E Calitz (Voorsitter), Prof. JF Kirsten, me ZT Nackerdien, mnr M Wüst.

Mnre Abrahams en Wüst was op 12 Maart 2019 as lede van die Oudit- en Risikokomitee aangestel.

Voorsitter

Die Direksie stel die Voorsitter aan uit lede van die Komitee.

Frekwensie van vergaderings

Vergaderings van die Komitee word so gereeld moontlik gehou soos wat die Komitee dit nodig ag, maar gewoonlik ten minste twee keer per kalenderjaar.

Die Komitee het twee keer gedurende die finansiële boekjaar vergader en bywoning was soos volg:

DIREKTEURE	JUL	FEB
E Calitz	✓	✓
L Coetzee ¹	A	-
JF Kirsten (Aangestel Maart 2018)	-	-
AV Moos	✓	✓
ZT Nackerdien	✓	✓
JH Roos (Afgetree 28 Augustus 2017)	✓	-

Verklaring: ✓ = Bygewoon, **A** = Verskoning aangebied ¹Dr Coetzee het van die Oudit- en Risikokomitee bedank na aanleiding van haar verkiesing as Voorsitter.

Eksterne audit

Nomineer die onafhanklike eksterne ouditeur vir aanstelling deur die aandeelhouer in terme van die Maatskappywet, 2008 en enige ander wetgewing met betrekking tot die aanstelling van ouditeure.

Primêre verantwoordelikhede

- Goedkeuring van die bepalings van die aanstelling en vergoeding vir die eksterne ouditaanstellings;
- Monitor en doen verslag oor die onafhanklikheid, objektiwiteit gehalte en doeltreffendheid van die eksterne ouditeur in die finansiële jaarstate, met in agneming van relevante professionele en regulerende vereistes
- Goedkeuring van die kontrakte vir nie-ouditdienste wat deur 'n diensverskaffer gelewer word.
- Verseker dat daar 'n proses is vir die komitee om in kennis gestel te word van enige geïdentifiseerde en gerapporteerde onreëlmatighede (soos geïdentifiseer in die Auditing Profession Act, 2005) deur die eksterne ouditeur.
- Bespreek die aard, omvang en plan vir die audit met die ouditeur voordat die audit begin en, indien nodig, gedurende die auditproses.
- Hersien, met die eksterne ouditeure, die bevindings van hul werk.
- Oorweeg al die faktore en risiko's wat 'n impak kan hê op die integriteit van die geïntegreerde verslag, byvoorbeeld, 'n misleidende beeld, beduidende oordele, verslagdoening oor besluite wat geneem is, monitering of afdwinging van optrede deur 'n regulerende liggaam, van bewyse wat voorheen gepubliseerde inligting bevraagteken, toekoms verwagtinge, ensovoorts.
- Oorsig oor die Jaarlikse Finansiële State, opgesomde geïntegreerde inligting en soortgelyke dokumente.

- Lewer kommentaar in die finansiële jaarstate op die finansiële state, die rekeningkundige praktyke en die doeltreffendheid van die interne finansiële beheermaatreël.
- Hersien die duidelikheid en volledigheid van die openbaarmaking van die volhoubaarheidskwessies in die geïntegreerde verslag om te verseker dat dit betroubaar is en nie in stryd is met die finansiële inligting nie.
- Doen aanbevelings by die Raad of 'n eksterne verskaffer vir gerusstelling betrokke moet raak by wesenlike volhoubaarheidskwessies.
- Beveel die geïntegreerde verslag aan vir goedkeuring deur die Raad.

Interne audit

- Goedkeuring van die interne auditplan.
- Monitor en hersien die doeltreffendheid van die interne auditfunksie.
- Hersien en bespreek die omvang van die werk van die interne audit, geïdentifiseerde sake en aanbevelings.
- Verskaf 'n bron van inligting, soos toepaslik, met betrekking tot gevalle van bedrog, korrupsie, onetiese gedrag, onreëlmatighede en ander risiko's.

Risikobestuur

- Oorweeg die risikobestuurstrategie, Eتيekode en Bedrogvoorkomingsplan.
- Monitor die deurlopende bestuur van die risikoassessering en die implementering van die strategie en plan.
- Doen aanbevelings by die Raad met betrekking tot die vlakke van risikotoleransie en die apyt en monitor dat risiko binne die vlakke van toleransie en apyt bestuur word, soos deur die Raad goedgekeur.
- Verseker dat bestuur toepaslike risiko-monitoring en antwoorde oorweeg en implementeer.
- Spreek die Komitee se formele opinie uit aan die Raad oor die effektiwiteit van die stelsel en die proses van risikobestuur.
- Hersien die tydige, omvattende en tersaaklike rapportering met betrekking tot risikobestuur wat in die geïntegreerde Jaarverslag ingesluit moet word.

Genooides

Die Voorsitter van die Oudit- en Risikokomitee kan volgens sy/haar oordeel ander lede van die Raad of interne ouditeure nooi na die vergaderings van die Komitee om aangehoor te word.

Die Hoof Uitvoerende Beampte en Hoof Finansiële Beampte woon alle vergaderings van die Komitee by en word verskoon vir in Kamera sessies.

Vergaderings word ook bygewoon deur interne en eksterne ouditeure en betrokke bestuurslede.

Toegang

Die eksterne en interne ouditeure het onbepaalde toegang tot die Oudit- en Risikokomitee en verseker daardeur dat onafhanklikheid gehandhaaf word.

10.2 MH en Vergoedingskomitee

Samestelling

Die MH en Vergoedingskomitee bestaan uit ten minste drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Die lede aan die einde van die finansiële boekjaar was mnr WU Abrahams, mnr EJ Jeffhas (Voorsitter), Prof JF Kirsten, me ZT Nackerdien, me GM Ntuli.

Mnr Abrahams was op 12 Maart 2019 as MH en Vergoedingskomiteelid aangestel.

Voorsitter

Die Voorsitter word deur die Raad verkies.

Frekwensie van vergaderings

Komiteevergaderings word gehou soos die komitee dit nodig, maar ten minste twee keer per jaar.

Die Komitee het gedurende die finansiële boekjaar vyf keer vergader. Die tweede vergadering in April 2018 was per telekonferensie gehou en die Januarie en Februarie 2019 vergaderings was per e-pos gehou. Die bywoning/deelname was soos volg:

DIREKTEURE	APR	APR	NOV	JAN	FEB
WU Abrahams (aangestel 12/03/2019)	-	-	-	-	-
EJ Jeffhas	✓	T	✓	E	E
JF Kirsten	A	T	✓	E	E
ZT Nackerdien	✓	T	✓	E	E
GM Ntuli	✓	T	✓	E	N

Verklaring: ✓ = Bygewoon A = Verskoning aangebied, E = E-pos

Primêre verantwoordelikhede

- Hou toesig oor die vestiging en implementering van die vergoedingsbeleid met betrekking tot nie-uitvoerende direkteure en werknemers se vergoeding.
- Hersiening van die uitkomst van die implementering van die beleid om te bepaal of hierdie beleid die bereiking van strategiese doelwitte bevorder en individuele prestasie aanmoedig. Die Komitee sal die nodige verbeterings aan die Raad in hierdie verband aanbeveel.
- Verskaf voldoende inligting vir die aandeelhouer en die Raad om die vergoedingsbeleid te bepaal.
- Verseker dat die Maatskappy se direkteure en werknemers regverdig en mededingende vergoeding ontvang.
- Verseker dat die Bestuur se vergoeding op 'n onafhanklike basis bepaal is deur lede van die Raad en Bestuur wat nie 'n persoonlike belangstelling by die uitkomst van hul besluit het nie, met inagneming van die finansiële posisie van die Maatskappy. Die Komitee mag spesifieke kundigheid koöpteer, beide intern en ekstern, ten einde dit in staat te stel om ingeligte besluite te neem. Die Hoof- Uitvoerende Beampte en 'n lid van die Bestuur mag nie teenwoordig wees wanneer sy/haar eie vergoeding bespreek word nie, behalwe wanneer inligting versoek word en dan vir die doel van die verskaffing van spesifieke inligting.
- Verseker dat daar voorsiening gemaak word vir aftreevoordele vir personeel.
- Doen aanbevelings aan die hand van die Maatskappy se vergoedingstelsel.
- Pligte soos deur die Raad gelas.
- Adviseer bestuur met betrekking tot personeelafleggings, skeidingspakkette, vroeë aftredes, die hantering van mediese ongeskiktheid, ensovoorts.

Genooides

Die Komitee mag bepaalde kundiges ko-opteer, hetsy intern of ekstern, ten einde ingeligte besluite te maak. Geen bestuurslid mag teenwoordig wees waarmee sy/haar eie salaris of fooi bespreek word, tensy hy/sy versoek word om bepaalde inligting te voorsien.

10.3 NOMINASIEKOMITEE

Samestelling

Die lede van die Nominasiekomitee word deur die Raad aangestel. Die Nominasiekomitee bestaan uit ten minste drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure. Die lede aan die einde van die finansiële boekjaar was mnr AV Moos (Voorsitter), mnr GJ Martin, me ZT Nackerdien, me GM Ntuli en mnr M Wüst.

Mnr Wüst was op 12 Maart 2019 as Nominasiekomiteelid aangestel.

Voorsitter

Die Voorsitter word deur die Raad genomineer.

Frekwensie van vergaderings

Komitee vergaderings word gehou soos en wanneer nodig. Die Komitee het hierdie jaar twee keer vergader. Beide vergaderings het per telekonferensie plaasgevind. Die deelname was soos volg:

DIREKTEURE	OCT	OCT ¹	NOV	JAN
L Coetzee (bedank 22/11/2018)	A	A	-	-
EJ Jeffthas (ad hoc lidmaat)	✓	✓	-	-
JF Kirsten (ad hoc lidmaat)	✓	✓	-	-
GJ Martin	✓	✓	✓	✓
AV Moos	A	✓	✓	✓
ZT Nackerdien (aangestel 22/11/2018)	-	-	✓	A
GM Ntuli	✓	A	✓	✓
M Wüst (aangestel 12/03/2019)	-	-	-	-

Legend: ✓ = Attendance, **A** = Apologies, ¹The October 2018 meeting was adjourned.

Primêre Verantwoordelikheid

- Identifisering van geskikte lede vir die Raad;
- Opvolg van verwysings en agtergrond van die Kandidate voordat hulle genomineer word; en
- Formaliseer die aanstelling van direkteure deur middel van 'n ooreenkoms tussen die Maatskappy en die direkteur.

10.4 MAATSKAPLIKE-EN ETIESE KOMITEE

Die komitee is gestig in terme van die Wet op Maatskappywet, 2008.

Samestelling

Die lede van die Maatskaplike en Etiekkomitee word deur die Raad aangestel. Die Maatskaplike en Etiekkomitee bestaan uit ten minste drie onafhanklike nie-uitvoerende direkteure.

Die lede aan die einde van die finansiële jaar was mnr EJ Jeffthas, mnr GJ Martin, mnr AV Moos en me GM Ntuli (Voorsitter).

Voorsitter

Die Voorsitter word deur die Raad genomineer.

Frekwensie van vergaderings

Komitee vergaderings word gehou soos en wanneer nodig.

Die komitee het twee keer gedurende die finansiële jaar vergader. Albei vergadering was gedoen via epos. Die bywoning was soos volg:

DIRECTORS	NOV
L Coetzee (bedank 22/11/2018)	-
EJ Jeffthas	✓
GJ Martin	✓
AV Moos	✓
GM Ntuli	✓

Legend: ✓ = Attendance

Primêre Verantwoordelikheid

- Monitor die Maatskappy se aktiwiteite met betrekking tot enige toepaslike wetgewing, ander wetlike vereistes of heersende kodes van beste praktyk, met betrekking tot aangeleenthede wat verband hou met maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling, goeie korporatiewe burgerskap, die omgewing, gesondheid en openbare veiligheid, verbruiker verhoudings en arbeid en indiensneming nakoming.
- Bring sake binne sy mandaat onder die aandag van die Raad wanneer dit nodig is.
- Rapporteer aan die aandeelhouer by die Maatskappy se Algemene Jaarvergadering oor die sake binne sy mandaat.

Genooides

Die Maatskaplike-en Etiese komitee het die gesag om advies en hulp in te win van interne en eksterne regs-, rekeningkundige en ander adviseurs.

11. MAATSKAPPYSEKRETARIS

Alle direkteure het toegang tot die Maatskappysekretaris wat verseker dat die Raad se prosedures, toepaslike reëls en regulasies volledig toegepas word.

Die Maatskappysekretaris hou die Raad op hoogte van tersaaklike veranderings in wetgewing en die beste bestuurspraktyke. Die Maatskappysekretaris hou toesig oor die inhuldiging van nuwe Direkteure asook voortgesette opleiding van Direkteure.

Die nodige inligting vir elke Raadsvergadering word tydig voor elke vergadering aan Direkteure gestuur sodat hulle vertrouwd kan raak met die inligting en om Maatskappy inligting te oorweeg, ooreenkomstig hulle statutêre en fidusiêre verantwoordelikheid.

Die tertafellegging van dokumente by Raadsvergaderings geskied slegs in uitsonderlike gevalle, met die Voorsitter se toestemming.

Die Maatskappysekretaris word deur die Raad aangestel.

12. LOPENDE SAAK

Op aanbeveling van die Oudit- en Risikokomitee het die Raad na oorweging van die feite en aannames waarop vertrou word, besluit dat die besigheid sal voortgaan as 'n lopende saak in die finansiële boekjaar wat voorlê.

Die Direkteure is van mening dat die besigheid 'n lopende saak sal wees in die jaar wat voorlê en hulle verklaring in hierdie verband word ook vervat in die verklaring oor die Direkteure se verantwoordelikheid vir die Finansiële State.

13. INTERNE BEHEER

Die Raad erken sy verantwoordelikheid om te verseker dat die Maatskappy die doeltreffendheid van die interne finansiële en bedryfsbeheerstelsels implementeer en monitor. Hierdie stelsels is ontwerp om teen weselike wanvoorstelling en verlies te waak.

Die interne, finansiële en bedryfskontrolestelsels wat deur die Maatskappy gehandhaaf word, is ontwerp om redelike gerusstelling te bied ten opsigte van:

- Beveiliging van bates teen ongemagtigde gebruik of wanbesteding;
- Voldoening aan toepaslike wette en regulasies;
- Instandhouding van behoorlike rekeningkundige rekords; en
- Toereikendheid en betroubaarheid van finansiële inligting.

Die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure takseer onafhanklik die geskiktheid en betroubaarheid van die interne beheer.

Bestuur is in die proses om verbeterings op die interne beheerstelsels aan te bring in opvolg van die Ouditeur-Generaal se aanbevelings in hierdie verband.

14. RISIKOBESTUUR

Die Raad aanvaar finale verantwoordelikheid vir die risiko-bestuurstelsels van die Maatskappy.

Weselike risiko's in die Maatskappy is geïdentifiseer en uiteengesit in 'n risikoraamwerk. Behoorlike interne beheerstelsels is in plek en word gehandhaaf. Die tydigse uitvoer van beheerprosedures en voldoening aan beheerprosedures word intern gemonitor.

15. WESENLIKHEID

Alle wesenlike gebeure, risiko's en ander aspekte word uiteengesit in die state en Jaarverslag.

16. BEDROGVOORKOMING EN BEDROGLYN

'n Bedrogvoorkomingsplan sowel as 'n fluitjieblaas-fasiliteit (bedroglyn) was in plek gedurende die finansiële boekjaar om te help verseker dat die risiko van bedrog gemonitor en tot 'n minimum beperk word.

Die bedroglyn is 'n blitslyn ("hotline") waardeur 'n werknemer of belanghebbende, op 'n anonieme en vertroulike basis enige twyfelagtige aktiwiteit of onetiese gedrag in die Maatskappy kan rapporteer. Verslae word direk aan die Hoof- Uitvoerende Beamppte gestuur en aan die Oudit- en Risikokomitee gerapporteer.

Niks het onder die Komitee se aandag gekom nie, om werklike of vermeende wesenlike finansiële verlies, bedrog of fout uit te wys wat die Maatskappy gedurende die jaar onder oorsig geraak het.

17. KONTRAKTUELE VERPLIGTINGE EN REGSAKSIES

'n Ooreenkoms is gesluit met die Wes-Kaapse Departement van Landbou, waarvolgens oordragfondse aan **Casidra** toegewys is. Verpligtinge in terme van die ooreenkoms asook die Wet op Openbare Finansiële Bestuur is nagekom.

Projekoooreenkomste is onderteken met befonders vir verskeie projekte. Rapportering vind plaas volgens die bepalings van die ooreenkomste en die finansiële omvang word in die Jaarverslag uiteengesit.

Die maatskappy is onderhewig aan regstappe wat inherent is aan sy normale aktiwiteite. Daar is geen hangende eise teen die Maatskappy nie.

18. BREË-BASIS SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

'n Onafhanklike graderingsagentskap, het die verifikasie-oudit afgehandel om die Maatskappy se status vir Breë-Basis Swart Ekonomiese Bemagtiging (B-BSEB) te bevestig en te sertifiseer.

Die oudit is in Mei 2018 afgehandel en **Casidra** het 'n Vlak 6 behaal (Aankope erkenningsvlak 60%).

19. INTERNE OUDITFUNKSIE

Die onafhanklike interne ouditfunksie is uitkontrakteer en rapporteer direk aan die Oudit- en Risikokomitee en administratief aan die Hoof- Uitvoerende Beamppte.

Die interne ouditeure werk nou saam met die eksterne ouditeure om duplisering te voorkom.

Die bevindinge en aanbevelings van alle interne ouditprosesse word aan Bestuur en die Oudit- en Risikokomitee gerapporteer.

20. ETIEK

Casidra se Etiese Kode is aan alle werknemers voorsien.

'n Maatskaplike en Etiekomitee is in 2012 op die been gebring en die Komitee het twee maal gedurende die finansiële boekjaar vergader.

Die Komitee het ingevolge die Maatskappywet 'n verslag verwant tot sy statutêre funksies nagesien.

21. DIREKSIEPROFIELE:



AV (Ainsley) Moos

Ouderdom: 41

Kwalifikasies

- BA (Sosiologie & Sielkunde)
- BPhil Hons (Honneurs in Joernalistiek)
- MBA (US)
- Uitvoerende Leierskap Program (Gibs)
- Media24 Uitvoerende Leierskap Program (Wits)
- Naspers Uitvoerende Leierskap Program (Harvard)

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2013

Komitee Lidmaatskap

- Oudit-en Risikokomitee
- Maatskaplike en Etiese Komitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

Lid van die Universiteit Stellenbosch Raad

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Ainsley Moos is 'n voormalige joernalis en redakteur. Hy het sy loopbaan as joernalis by Beeld in Johannesburg begin en verslag gedoen oor algemene nuus, grondhervorming en landbou-kommoditeitsmarkte. Hy verskuif na Landbouweekblad waar hy vyf jaar - eers as 'n senior joernalis, toe adjunk-redakteur en die afgelope twee jaar as hoofredakteur. Hy verskuif na Bloemfontein waar hy hoofredakteur van die dagblad Volksblad was. Hy het toe verskuif na Sake24 in Johannesburg waar hy Hoofredakteur en uitgewer is, maar het besluit om te skuif na die korporatiewe wêreld met sy huidige rol as hoof van die Groep Kommunikasie by Sanlam. Hy is tans Operasionele Bestuurder in die Kantoor van die Groep se Hoof Uitvoerende Beamppte by Sanlam.



EJ (Elton) Jeffhas

Ouderdom: 45

Kwalifikasies

- B.Tech Tuinbou
- MPhil Landboustelselbestuur

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2016

Komitee Lidmaatskap

Vergoedingskomitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Ondervoorsitter van die Vereniging van Afrika-boere van Suid-Afrika, Wes-Kaap
- Nie-uitvoerende Direkteur van die Ontwikkelingskamer vir die Sagtevrugtebedryf

- Trusteelid van die Ontwikkelingstrust vir die Sagtevrugtebedryf
- Ondervoorsitter van die Wes-Kaapse Landbou Eenheid Forum

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Elton Jeffhas is 'n medestigter en besturende direkteur van Agribesigheid in Volhoubare Natuurlike Afrikaplantprodukte Suid-Afrika (ASNAPP). Hy is ook 'n boer en mede-eienaar van Defynne-kwekery wat pruipe produseer. Mnr. Jeffhas het sy loopbaan by die LNR begin waar hy in die verbouing van fynbos gespesialiseer het. Hy is veral 'n deskundige op die gebied van die ontwikkeling van landboubesighede en die stimulering van entrepreneurskap onder boere in 'n verskeidenheid Afrika-lande suid van die Sahara.

21. DIREKSIEPROFIELE:



GM (Gugu) Ntuli

Ouderdom: 45

Kwalifikasies

- BBus QUT (Australia)
- BAppSc QUT (Australia)
- MBA Sport Bestuur
- Diploma: Frans

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2008

Komitee Lidmaatskap

- Maatskaplike en Etiese Komitee (Voor-sitter)
- Nominasiekomitee
- Vergoedingskomitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Lid van Krieket Suid-Afrika Transforma-sie Afdeling Komitee
- Direkteur van Sport Afrikaanse Bestuur Vereniging

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Gugu Ntuli, die voormalige Hoof Uitvoerende Beampte van die Universiteit van Stellenbosch se Sport Prestasie Instituut, hou tans toesig oor media en openbare betrekkinge vir Adidas Suid-Afrika. Sy het uitgebreidebestuurs-ervaring en kundigheid in strategiese bestuur, bemaking, kommunikasie, openbare betrekkinge en die media.



Prof. E (Estian) Calitz

Ouderdom: 69

Kwalifikasies

- BCom
- DCom (Ekonomie)

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2011

Komitee Lidmaatskap

Oudit en Risiko (Voorsitter)

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Lid van verskeie organisasies, rade en komitees
- Voormalige lid: Raad van Trustees Uni-versiteit van Stellenbosch Aftreefonds
- Voormalige voorsitter en Ouditkomi-tee Departement van Onderwys Wes-Kaap

Vaardighede, Kundighede en Ondervinding

Prof. Estian Calitz, professor in Ekonomie aan die Universiteit van Stellenbosch. Hy het 'n uitgebreide ondervinding in die ekonomiese en fiskale beleid te maak en meer as 20 jaar van akademiese ervaring, wat insluit die skryf van ongeveer 40 artikels vir verskeie publikasies (joernale, boeke, ens.) insluit sowel as verskeie onderrig verpligtinge regoor Suid- Afrika en in Duitsland as 'n besoekende professor.

Hy is 'n voormalige direkteurgeneraal van die Departement van Finansies (nou die Nasionale Tesourie) van die Suid-Afrikaanse regering en 'n voormalige Uitvoerende Direkteur: Finansies van die Universiteit van Stellenbosch.



ZT (Zareena) Nackerdien

Ouderdom: 35

Kwalifikasies

- BCom Hons (Rekeningkunde)
- Geoktrooieerde Rekenmeester (SA)

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2016

Komitee Lidmaatskap

Oudit- en Risikokomitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

Lid van die Wes-Kaapse tak van die Vereniging vir die Bevordering van Swart Boekhouers in Suid-Afrika – Beursportefeulje.

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Zareena Nackerdien is 'n voormalige bestuurder van PricewaterhouseCoopers, waar sy haar leerlingklerkskap voltooi het en verskillende dele van haar loopbaan binne die audit/versekering-bedryf deurgebring. Sy vorm tans deel van die Sanlam Groep se Span vir Finansiële Verslagdoening. Sy het ondervinding van die ontleding/vertolking van finansiële inligting en besigheids-kontroleprosesse wat die finansiële funksie ondersteun.

21. DIREKSIEPROFIELE:



Prof. JF (Johann) Kirsten

Ouderdom: 57

Kwalifikasies

- BSc Agric- US – 1983
- BSc Agric Hons – US – 1985
- MSc Agric - Universiteit van Pretoria – 1989
- PhD - Universiteit van Pretoria – 1994

Titel

Onafhanklike en Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2018

Komitee Lidmaatskap

- Oudit- en Risikokomitee
- Vergoedingskomitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Louisvale Wines (Pty) Ltd
- Karoo Development Foundation Trust
- Meat of Origin Karoo (NPC)
- Rich Rewards Trading (Pty) Ltd

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Prof Kirsten is die Direkteur van die Buro vir Ekonomiese Navorsing aan die Universiteit van Stellenbosch. Vir die grootste deel van sy loopbaan, was Prof Kirsten Professor en Hoof van die Departement Landou-Ekonomie by die Universiteit van Pretoria. Hy het ook voorheen as 'n deelydse raadslid gedien op die Nasionale Landbouboemerkingsraad en is ook 'n direkteur van 'n aantal maatskappye. Sy ervaring en enorme werk sluit in navorsingstudies, onderrigaktiwiteite en skryfstukke vir beide akademiese en professionele rigtings.



GJ (Gerard) Martin

Ouderdom: 43

Kwalifikasies

- BSc
- Nasionale Diploma in Ekonomiese Bestuursanalise
- MCom Wyn Besigheidsbestuur

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2013

Komitee Lidmaatskap

- Maatskaplike en Etiese Komitee
- Sosiale en Etiese Komitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Trustee Kaapse Wynmakersgilde
- Direkteur Wynopleiding Suid-Afrika
- Direkteur Eerste Stap Akademie

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Gerhard Martin werk tans vir Winetech as die Uitvoerende Bestuurder. Sy vorige posisie by dieselfde maatskappy was Bestuurder: Tegnieke Vervoer en Opleiding. Voor dit, het hy vir Metropolitan vanaf 1999 tot 2002 in drie verskillende posisies gewerk voordat hy die Maatskappy verlaat het om by die Suid- Afrikaanse Wynbedryf as 'n Inligtingspesialis en Bestuurder: Inligting Dienste aan te sluit (2002 tot November 2003). Mnr Martin het 'n groot belangstelling in gemeenskapsontwikkeling.



M (Marius) Wüst

Ouderdom: 49

Kwalifikasies

- B. Eng (Civil) - Universiteit van Stellenbosch
- BCom Hons - Universiteit van Natal
- Chartered Accountant (SA)

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2019

Komitee Lidmaatskap

- Oudit- en Risikokomitee
- Nominasiekomitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Geen

Vaardighede, Kundigheid en Ondervinding

Marius Wüst is tans die Hoof- Uitvoerende Beampte by Berggrivier Munisipaliteit. Voor dit, was hy in 'n soortgelyke pos by die Stellenbosch Munisipaliteit en het as 'n Direkteur van Infrastruktuur vir die Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie gewerk en is die Direkteur van Munisipale Infrastruktuur vir die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering. Mnr Wüst het by Liquigro Holdings gewerk as die Finansiële Bestuurder, as 'n Tegnieke Ontplooiende by die Ontwikkelingsbank van Suider Afrika, as 'n Projekbestuurder vir ASLO Projects Global en verskeie poste geval as Rekenmeester, Beramer en Projekbestuurder vir ASLA Konstruksie. Voor dit was hy 'n Leerling-Rekenmeester by Deloitte & Touche en Projek-Ingenieur by Stewart Scott Consulting Engineers.



WU (Werner) Abrahams

Ouderdom: 37

Kwalifikasies

- Bachelor of Commerce - Accounting - UCT
- Bachelor of Commerce Honours - Accounting - UKZN
- B Compt Honours / CTA - UNISA
- Chartered Accountant (SA)

Titel

Onafhanklike Nie-uitvoerende Direkteur

Jaar Aangestel

2019

Komitee Lidmaatskap

- Sosiale en Etiese Komitee
- Maatskaplike en Etiese Komitee

Ander Direkteurskappe/Trusteeskappe

- Geen

Vaardigheid, Kundigheid en Ondervinding

Werner Abrahams is tans 'n Adjunkdirekteur by Universiteit Stellenbosch. Hy het in 2010 sy loopbaan begin as 'n Kredietbestuurder vir Nedbank Beperk Besigheidsbankwese. Daarna het hy by die Weskus TVET-Kollege aangesluit as 'n Senior Finansiële Beampte en was later tot Hoof- Finansiële Beampte bevorder.

1. REGS- EN ANDER VEREISTES

Die Oudit- en Risikokomitee lê graag hierdie verslag voor, soos vereis deur Artikels 51(1)(a)(ii) en 76(4)(d) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (die "Wet"). Artikel 38(1)(a) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 vereis dat Rekenpligtige Beamptes van staatsdepartemente moet verseker dat eniteite wat oordragfondse ontvang, effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuur en interne beheerstelsels implementeer. Die regulasies van die Wet bepaal die oudit-en interne ouditvereistes.

'n Aanral nie-voldoenings was deur die Ouditeur-Generaal uitgewys en geniet aandag.

Casidra se finansiële state is in ooreenstemming met die Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyke voorberei.

2. BESTUURSVERANTWOORDELIKHED

Die Rekenpligtige Beampte is verantwoordelik vir die leiding van die organisatoriese strategie, die vernaamste aksieplanne, risikobeleide, jaarlikse begrotings en besigheidsplanne; monitering van prestasie en daarstelling van die beste praktyk bestuursprosedures.

Sedert dit gedurende Oktober 1989 in werking getree het, toe onder 'n ander naam, het **Casidra** sy dertigste agtereenvolgende ongekwalifiseerde finansiële oudit ontvang.

Casidra het voldoende interne beheermaatreëls gedurende die finansiële boekjaar toegepas, en geïdentifiseerde risiko's is behoorlik beheer. Inligtingstegnologie-stelsels wat gebruik word om Bestuur te help, was voldoende en effektief.

3. VERANTWOORDELIKHED VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

Aktiwiteite en magte uiteensit en die handves word jaarliks opgedateer. Sedert 29 Augustus 2006 is die verantwoordelikhede van die Ouditkomitee uitgebrei om Risikobestuur in te sluit. Gedurende die verslagjaar het die Oudit- en Risikokomitee sy verantwoordelikhede volgens die handves nagekom.

Die komitee het die Oudit- en Risikokomitee se handves, wat jaarliks deur die Raad hersien en goedgekeur word, hersien en gewysig. Die interne en eksterne ouditplanne was oorweeg en goedgekeur.

Die verslag van die Oudit- en Risikokomitee is gegrond op die werk gedoen deur die Ouditeur-Generaal SA, asook die ouditeursfirmas BVA Bellville Incorporated en Alberto Prins. Ouditering vind plaas binne die konteks van eksterne en risiko-gebaseerde interne ouditplanne wat deur die Oudit- en Risiko Komitee goedgekeur word.

4. FUNKSIES VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE

Die Oudit- en Risiko Komitee het soos volg die funksies vervul volgens sy handves asook soos voorgeskryf volgens die Wet:

- Hersien die resultate en die Finansiële Jaar State en beveel aan dat die Raad dit goedkeur.
- Hersien die Korporatiewe Bestuursverslag en beveel aan dat die Raad dit goedkeur.

Die Komitee het tydens die hersiening:

- Toepaslike stappe geneem om te verseker dat die Jaarlike finansiële state voorberei is in ooreenstemming met Standaarde van Algemene Erkende Rekeningkundige Praktyk in Suid-Afrika en soos deur die Maatskappywet van Suid-Afrika vereis;
- Navrae hanteer ten opsigte van rekeningkundige beleide, die ouditering en inhoud van Finansiële Jaarstate en interne finansiële maatreëls;

- Die eksterne ouditverslae oor die Finansiële Jaarstate hersien op die grondslag wat die Ouditeur-Generaal se aanbevelings geïmplementeer sal word;

- Kennis geneem dat die Ouditeur-Generaal SA, ingevolge artikel 4 (3)(a) van die Openbare Ouditwet, 2004 (Wet nr. 25 van 2004), gekies het om die oudit van **Casidra** MSB Beperk vanaf die 2018/19 finansiële boekjaar vorentoe te doen.

- Die gehalte, diens en onafhanklikheid geverifieer het van die eksterne ouditeur, BVA Bellville Incorporated, as die ouditeure vir die **Casidra** projekte vir 2019 ingelyf en kennis geneem dat mnr CFP Jordaan van BVA Bellville Incorporated as die aangewese ouditeur aangestel is. (Ingevolge die ouditeursfirma se praktyke word die aangewese ouditeurs en bestuurders verantwoordelik vir die oudit elke vyf jaar vervang); en

- Die ouditfooi en indiensnemingvoorwaardes van die eksterne ouditeure goedgekeur het.

5. INTERNE BEHEERMEGANISMES EN RISIKOBESTUUR

Die beheerraamwerk is ontwerp om redelike gerusstelling te bied ten opsigte van doelwitbereiking in die volgende gebiede:

- Die instandhouding van behoorlike rekeningkundige rekords en die betroubaarheid van finansiële inligting wat binne **Casidra** gebruik word;
- Die geskiktheid van interne finansiële maatreëls;
- Voldoening aan toepaslike wetgewing, regulasies en gedragskodes;
- Die opsporing en minimalisering van die vernaamste risiko's wat verband hou met bedrog, reputasie, ontoereikende bestuur, potensiele aanspreeklikheid en verlies, insluitend die beveiliging van bates;
- Bestuur van potensiele botsing van belange van die Direksie en Bestuur;
- Die doeltreffendheid van werksaamhede;
- Die toereikendheid van risikobestuurprosedures;
- Die interne oudit en risikobestuursverslae en, waar toepaslik, die voorlegging van aanbevelings aan die Raad; en
- Die doeltreffendheid van risikobestuur, beheermaatreëls en die bestuursprosesse.

Casidra het 'n omvangryke proses van jaarlikse begrotings en gedetailleerde maandelikse rapportering. Die Rekenpligtige Beampte en sy bestuurspan hersien die jaarlikse begroting en werklake uitgawes op 'n deurlopende grondslag en rapporteer kwartaalliks aan die Raad oor die werklake uitgawes teenoor die begrote syfers. 'n Duidelike onderskeid word getref tussen hoofbesigheid en besigheid wat as projekimplimenterder onderneem is. Finansiële state van die onderskeie projekte waarvoor **Casidra** toesig hou en namens sy Aandeelhouer, die Wes-Kaapse Regering, finansier, word afsonderlik oor verslaggedoen, geouditeer en geïdentifiseer, in die Finansiële Jaarstate van **Casidra**.

Die stelsel van interne beheer word gemonitor en oor gerapporteer aan die Direksie. Interne Stelsels word toegepas om redelike gerusstelling te bied dat bates beveilig word en transaksies ooreenkomstig Bestuur se magtiging uitgevoer word. Moniteringsprosesse behels hersiening deur bestuurders en toetsing deur ouditeure. Die Ouditeur-Generaal het toetsing van finansiële transaksies uitgevoer en verdere aanbevelings ter verbetering gedoen.

Die risikopaneelbord word gereeld opgedateer en kwartaalliks gerapporteer aan die Raad.

DEEL C: BESTUUR

VERSLAG VAN DIE OUDIT- EN RISIKOKOMITEE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2019

Casidra se bedieners was geraak deur 'n ernstige virusaanval op 5 Maart 2019. Die voorval was aan die SAPD gerapporteer en beveiligingsmaatreëls was gevolglik in plek gestel.

Alle voorvalle met betrekking tot enige onderbreking in die funksionering van hierdie maatreëls, prosedures en stelsels wat gedurende die jaar in oorsig plaasgevind het, geniet dringende aandag deur die Komitee.

6. VOLDOENING

Volvoening aan wette en regulasies wat op **Casidra** van toepassing is, is die verantwoordelikheid van elke lid van Bestuur en word gesamentlik gemonitor.

Casidra het aan tersaaklike wette, regulasies en beleide voldoen, asook aan **Casidra** se gedragskode. 'n Paar nie-voldoenings was deur die Ouditeur-Generaal uitgewys en geniet aandag.

Daar was kennis geneem van Risiko- en nakomingsverslae by die Oudit- en Risikokomiteevergaderings.

Vier voorsieningskanaal verwante klagte was vir die 2018/19 finansiële boekjaar ontvang. Interne ondersoeke bewys dat **Casidra** se prosedures korrek gevolg was. Een klaer het sy klagte verwys na die Wes-Kaapse Departement van Landbou, Ministerskantore, Openbare Beskermer en die media. **Casidra** se Oudit- en Risikokomitee het ook die saak ondersoek en kon geen ooglopende afwyking of konkrete bewys vind wat die beskuldigings regverdig nie. Die Oudit- en Risikokomitee het aanbeveel dat die beste wyse om die saak te hanteer was om 'n mening van 'n onafhanklike ouditeur te verkry.

Die aangeleentheid was na jaareinde ondersoek. Die onafhanklike ouditeur het gerapporteer dat, op grond van die prosedures wat uitgevoer was en die inligting wat verkry was, hulle tevrede is dat die tenderproses en beoordeling volgens die voorskrifte van die huidige Openbare Verkrygingsbeleid en Prosedure asook toepaslike wetgewing was.

Gedurende die jaar onder oorsig het niks anders onder die Komitee se aandag gekom om enige aanduiding van nie-voldoening aan toepaslike wette, regulasies en die gedragskode te gee nie.

7. BEDROGVOORKOMING

'n Bedrogvoorkomingsplan was in plek gedurende die finansiële boekjaar. 'n Fluitjieblaasfasiliteit is ook in plek om te verseker dat die risiko van bedrog gemonitor en verminder word.

8. INTERNE OUDIT

Die Oudit- en Risikokomitee vervul 'n oorsigrol ten opsigte van die Maatskappy se Finansiële Jaarstate en die rapporteringsproses, insluitend die stelsel van interne finansiële beheer. Dit is verantwoordelik om te verseker dat die Maatskappy se interne ouditfunksie onafhanklik is en oor die nodige hulpbronne, erkenning en gesag binne die organisasie beskik om sy take te kan verrig.

Die Oudit- en Risikokomitee hou verder toesig oor die samewerking tussen die interne en eksterne ouditeure en dien as skakel tussen die Direksie en hierdie funksies. Die interne ouditfunksie was uitgekонтakteer.

Interne oudit het die doeltreffendheid van interne beheermaatreëls onafhanklik beoordeel en verbeterings aanbeveel.

Na aanleiding van die Ouditeur-Generaal se aanbevelings, sal Bestuur voortgaan om stelsels van interne beheer te onderhou en verbeterings te implementeer.

9. LOPENDE SAAK

Die komitee het die feite en aannames waarop hy staatmaak, in aanmerking geneem om te bepaal of die besigheid in die komende boekjaar as 'n lopende saak sal voortgaan.

Die Komitee is van mening dat, op grond van die Aandeelhouersooreenkoms en die befondsingsmodel vir **Casidra**, die besigheid in die komende jaar as 'n lopende saak sal voortgaan.

10. LEDE VAN DIE OUDIT- EN RISIKO KOMITEE EN BYWONING VAN VERGADERINGS

Die besonderhede word in die Bestuursverslag vermeld.

11. BYWONING

Die interne en eksterne ouditeure het in hul hoedanigheid as ouditeure van die Maatskappy, alle vergaderings van die Oudit- en Risikokomitee bygewoon en gerapporteer. Die Hoof-Uitvoerende Beampte en die Hoof- Finansiële Beampte het 'n staande uitnodiging om vergaderings by te woon en toepaslike bestuurders het vergaderings op uitnodiging bygewoon.

12. VERTROUlike VERGADERINGS

Die Oudit- en Risikokomitee se vergaderings maak voorsiening vir vertroulike vergaderings tussen die Komiteeleders en die interne en eksterne ouditeure.

13. ONAFHANKLIKHEID VAN EKSTERNE OUDITEURE

Op grond van 'n voorlegging aan die Oudit- en Risikokomitee, het die ouditeure hulle onafhanklikheid bevestig.



Prof. Estian Calitz
VOORSITTER OUDIT- EN RISIKOKOMITEE
19 Augustus 2019

VASGESTELDE MENSLIKE HULPBRONPRIORITEITE VIR DIE VERSLAGJAAR EN DIE IMPAK HIERVAN

MH-PRIORITEITE	IMPAK
SUKSESVOLLE IMPLEMENTERING VAN DIE VOLLE SPEKTRUM VAN MENSLIKE HULPBRONNE	<ul style="list-style-type: none"> 'n Menslike Hulpbronnestelsel (S-Cubed) word gebruik om dienslewering, kliëntetevredenheid en produktiwiteit te bevorder. 'n Opvolgplan is in plek en word deurlopend gemonitor met die doel om beplande opvolging te ontwikkel en te verseker, wanneer personeel affree of poste ontruim.
STRATEGIESE MENSLIKE HULPBRONBESTUUR	<ul style="list-style-type: none"> Die organisasie bly op hoogte van nuwe wysigings tot die arbeidswetgewing en pas beleide dienooreenkomstig aan.. Casidra het onlangs akkreditasie vanaf Dienste Seta ontvang om kortkursusse in projekbestuur te fasiliteer.
BEGROTING VIR MENSLIKE HULPBRONNE	<ul style="list-style-type: none"> Die begroting vir menslike hulpbronne word deurlopend gemonitor
TRANSFORMASIE	<ul style="list-style-type: none"> 'n Jaarlikse opname oor personeeltvredenheid is gedurende September gedoen. Holistiese welstandsiniatiewe word jaarliks uitgevoer. Transformasie word volgens die Transformasiebeleid gemonitor. Ons streef voortdurend daarna om 'n organisasiekultuur te ontwikkel wat die diversiteit en agtergrond van alle werknemers aanmoedig en waardeer.
STRATEGIESE OPLEIDING	<ul style="list-style-type: none"> Strategiese opleiding fokus op die bevordering van vaardighede en verbetering van kwalifikasies van organisatoriese spanlede en is in ooreenstemming met ons jaarlikse werkplekvaardigheidsplan, organisatoriese vereistes en goedgekeurde begroting. Ons streef voortdurend daarna om 'n organisasiekultuur van leer en selfontwikkeling te ontwikkel.

